1. Kwartaal 1

    1. Wat is die Mfecane?
    2. Wat het die Mfecane veroorsaak?
    3. Die Zoeloekoninkryk
    4. Die Basoetoe- en Ndebeleryke

2. Kwartaal 2

    1. Leefwyse tydens die Trek
    2. Die Groot Trek begin
    3. Die Voortrekkers in Natal
    4. Die Slag van Bloedrivier

3. Kwartaal 3

    1. Die Amerikaanse Vryheidsoorlog
    2. Die Anglo-Boereoorlog
    3. Die oorlog breek uit (1899 - 1900)
    4. Die oorlog eindig (1901 - 1902)

4. Kwartaal 4

    1. Argeologie help om die verlede te herontdek
    2. Die Taung-baba
    3. Die ontwikkeling van die eerste mense

Wat is die Mfecane?

## SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE MFECANE VERSKUIF GRENSE

## Module 1

## WAT IS DIE MFECANE?

1. WAARVANDAAN KOM AL DIE MENSE WAT IN SUID-AFRIKA WOON?

Gedurende die Ystertydperk, ongeveer 2 000 jaar gelede, het die swart mense hulle ook in Afrika kom vestig. In 1652 het Jan van Riebeeck die eerste wit nedersetting gevestig. Daarna het immigrante van Frankryk, Duitsland en Engeland hulle hier kom vestig.

Gedurende die 17de en 18de eeu het Khoina-groepe, en later ook Griekwas, na die binneland geëmigreer, weg van die toenemende getal wit mense wat hulle op die beskikbare grond kom vestig het. Van die grootste migrasies was egter die MFECANE en die GROOT TREK (Module 2). Hierdie migrasies het belangrike gevolge gehad.

WAT WAS DIE MFECANE?

Tussen ongeveer 1815 en 1830 het verskillende swart groepe met mekaar gebots. Dit het ‘n kettingreaksie tot gevolg gehad en het tot verdere botsings en oorloë gelei. Groot getalle veetroppe en graanvoorrade is vernietig – met gepaardgaande swaarkry en lyding. Oral was daar ruïnes. Duisende haweloses het in alle rigtings gevlug. Dié wat in die bosse en berge geskuil het, het geleef soos jagter-versamelaars. Baie het van honger gesterf, of is deur wilde diere doodgemaak. Hierdie oorloë van verwoesting het dwarsoor Suidelike-Afrika plaasgevind, van die Kaapse Oosgrens in die suide, tot by die Victoria-meer (in Tanzanië) in die noorde.

- Die NGUNI volkere (bv. Zoeloes) het hierdie opstande die *Mfecane* genoem – wat beteken het "om te onderdruk".
- Die Sotho volkere (bv. Sotho's) het dit die *Difaqane* genoem – wat beteken het "gedwonge verwydering".

2. BRONNE OOR DIE MFECANE


Vir historici wat altyd op soek is na die waarheid, sal die Mfecane 'n onvolledige raaisel bly omdat te veel misverstande en te min inligting bestaan. Daar is twee besondere redes hiervoor:

Die geskrewe bronne wat bestaan, is meestal deur wit reisigers, sendelinge en amptenare geskryf. Ongelukkig was hierdie persone nie altyd goed ingelig oor presies wat gebeur het nie, ook omdat die gebeure oor 'n wydverspreide gebied plaasgevind het. Gevolglik was die bronne nie altyd betroubaar nie.

BRON A




BRON B




Mondelinge bronne oor die Mfecane was nie so betroubaar soos geskrewe en visuele bronne nie.

## Aktiwiteit 1:

## Om te onderskei tussen feite en menings by bronne oor die Mfecane

**[LU 2.3]**

- Die vorige voorbeelde sal help om sommige misverstande te identifiseer en om hulle te herken wanneer julle historiese navorsing doen.

a) Watter misverstand kom voor in Bron B?

b) Watter probleem kan daardeur geskep word?

c) Dink julle dat sodanige misverstande vermy kan word? Hoe?


d) Waarom is mondelinge bronne nie altyd betroubaar nie? Bron A.

e) Watter ooreenkoms is daar tussen die bronne?

f) Teken twee voorbeelde van misverstande wat in

ons land voorkom. Skryf gepaste opskrifte vir jul sketse.

- Die Suid-Afrikaanse binneland het teen 1830 soos volg daar uitgesien. Vervolgens gaan ons kyk hoe van die ryke ontstaan het.




## Assessering

| |
|---|
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek |
| 1.1 Bekom die bronne |
| 1.2 Gebruik die bronne |
| 1.3 Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing) |
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom 'n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake,gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

- Grondbesit: individuele of groepsreg?
- Konflik
- Ja
- Mense se herinneringe en stories oor die verlede is nie altyd akkuraat nie.
- Konflik oor eiendomsreg

Wat het die Mfecane veroorsaak?

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE MFECANE VERSKUIF GRENSE

## Module 2

## WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE MFECANE?

Met slegs enkele dokumente en min bewyse is dit moeilik om geskiedkundige gebeure te rekonstrueer,

en selfs moeiliker om dit te verstaan en te verduidelik. Gevolglik het historici verskillende sienings. Ons noem dit teorieë of verklarings vir sodanige gebeure.

Julle begryp dus dat dit moeilik is om te verduidelik wat die Mfecane was. Sommige historici sien die Mfecane as iets wat veroorsaak is deur gebeure, hoofsaaklik:

- ‘n stryd om mag, veral in KwaZulu-Natal;
- ‘n wedywering om handelsgeleenthede; en
- die invloed van die omgewing.

Ons gaan nou ondersoek instel na watter betroubare bronne oor die Mfecane bestaan om hierdie menings te ondersteun.

1. DIE STRYD OM MAG IN KWAZULU-NATAL

Die voortdurende oorlogvoering en veranderings wat ingetree het in die laaste helfte van die agtiende eeu, het gelei tot die ontstaan van nuwe, magtige hoof- of kapteinskappe.

## Aktiwiteit 1:

## Om bewus te wees van verskillende sieninge oor die oorsake van die Mfecane

### [LU 2.3]

- Lees meegaande artikel aan die hand van die volgende kaart, en verduidelik dan waarom die Sotho-mense na die gebeure verwys het as *Difaqane* , of te wel *gedwonge verhuising*.

BRON

Die **Mthethwa** onder Dingiswayo het begin om polities en kommersieel uit te brei, wat hulle in staat gestel het om volledig beheer uit te oefen oor die laeland-kusvlakte en die handel met Algoabaai. Dingiswayo het ook sy mag uitgebrei na die binneland. In die noorde het Dingiswayo die Ngwane verslaan. Die enigste oorblywende magte wat nie oorgegee het aan Dingiswayo nie, was Zwide en sy Ndwandwe. Die heersers wat verslaan is, is toegelaat om hul kapteinskappe voort te sit, maar hulle was ondergeskik aan die koninkryk van die Mthethwa.

Uiteindelik het oorlog in 1817 uitgebreek tussen die Mthethwa en die Ndwandwe. Die aanvallende weermag van die Mthethwa is suidwaarts verdryf

nadat Dingiswayo gevange geneem en om die lewe gebring is. Die wanorde wat onder die Mthethwa geheers het, het die weg gebaan vir ’n nuwe, en selfs magtiger leier – Shaka.


Shaka het as jong man aangesluit by die stam van Dingiswayo. Hy het spoedig bekendheid verwerf vir sy besondere leierseienskappe en sy dapperheid. Uit dankbaarheid vir sy dienste het Dingiswayo hom die hoof van die Zoeloestam gemaak, hoewel Shaka onder normale omstandighede nie ‘n opperhoof sou geword het nie.

Die dood van Dingiswayo het vir Shaka die geleentheid gebied om die mag oor te neem. Daar was egter twee ernstige bedreigings vir sy heerskappy: die moontlikheid dat die Mthethwa sou versplinter, en die militêre krag en selfvertroue van Zwide.

Shaka het besondere politieke vaardighede getoon in ‘n poging om die ondersteuning van die koninklike familie van die Mthethwa te bekom, en het voortgegaan om die lede van die koninklike families en kapteinskappe wat sy heerskappy teengestaan het, te verslaan en te vervang. Hy het nou regeer oor al die stamme noord van die Tugela. Ndwandwe was die enigste wat sy onafhanklikheid behou het.

Duisende mense het gevlug namate Shaka sy

grondgebied en sy mag deur oorlogvoering uitgebrei het. Dit het 'n kettingreaksie van plundery en chaos tot gevolg gehad soos die vlugtelinge die grondgebied van ander stamme betree het. Die opkoms van Shaka het dus bygedra tot die Mfecane.




Handeldrywende nasies ding mee om slawe

2. MEDEDINGING OM DIE HANDEL

Finansiële oorwegings het waarskynlik ook veroorsaak dat gedwonge verhuising plaasgevind het. Hier is vier voorbeelde daarvan:

(a) Die Britse regering het arbeiders nodig gehad, veral na die aankoms van die Britse setlaars in 1829.

(b) In die gebied oorkant die Oranjerivier het

stamme soos die Griekwas en die Taung hulself skuldiggemaak aan slawehandel.

(c) Die Portugese regering in Delagoabaai het ook handel gedryf in slawe. Swart mense moes hul woonplekke verlaat en vlug om te verhoed dat hulle as slawe gevange geneem word. Dit het gelei tot onrus, konflik en vernietiging tussen hulle.

(d) Daar het sterk mededinging om beheer van die ivoorhandel geheers. Die sterker groepe het die kleiner groepe aangeval in ‘n poging om die meeste ivoor te bekom.


- Deesdae trek duisende mense elke jaar na ons stede. Waarom?

3. INVLOED VAN DIE OMGEWING

n Ander moontlike oorsaak van die Mfecane was moontlik die invloed wat die omgewing gehad het op mense en gebeure. ‘n Goeie reënval het goeie oeste meegebring.

Gedurende droogtetye was die reënval gering en die oeste was swak. Gevolglik het baie mense na gebiede getrek waar daar ‘n hoër reënval was.

Soms het boere onder mekaar baklei in ‘n poging om die beste landbougrond te verkry.




**Reënvalverspreiding in Suid Afrika**

- Bestudeer die reënvalkaart en onderstreep die korrekte antwoorde:

a) Veeboere het die (westelike; oostelike; noordelike) deel van die land die geskikste gevind vanweë die hoë reënval en die welige grasvlaktes.


b) In die droë dele het hulle gewoonlik met (gewasse, beeste, skape, bokke) geboer omdat water skaars was.

## Aktiwiteit 2:

## Om redes vir die oorsake en gevolge van die mfecane te verskaf

### [LU 2.2]

Soos aangetoon, was die Mfecane 'n ingewikkelde "raaisel" van verweefde oorsake en gevolge.




- Die eerste deel van die raaisel dui op twee oorsake van die Mfecane.
- Wat was die gevolge hiervan?

## Assessering

| |
|---|
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek |
| 1.1 Bekom die bronne |
| 1.2 Gebruik die bronne |
| 1.3 Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing) |
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom ‘n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |

## SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE MFECANE VERSKUIF GRENSE

## Module 3

## DIE ZOELOERYK

Die Mfecane het bygedra tot die ontstaan van die Zoeloe-, Basoetoe- en Ndebeleryke, want groepe het nie meer in verspreide isolasie geleef nie, maar

eerder saamgroepeer in groter stamme. Gevolglik het sekere gebiede ontvolk geraak, en dit het blanke swerwers gelok.

Shaka is in 1787 naby Melmoth in Natal gebore. Hy was ‘n buite-egtelike kind van die Zoeloekoning Sezangakona en kon daarom weinig aanspraak maak op die koningskap. Hy was besonder geheg aan sy moeder, Nandi. Sy vader was jaloers op hom en het gevrees dat Shaka hom sou doodmaak om sodoende die mag oor te neem. Shaka vlug toe na die Mthethwa van Dingiswayo, waar hy later ‘n magtige posisie met groot invloed sou beklee.

Shaka was ‘n uiters bekwame generaal wat ‘n totale omwenteling in oorlogvoering teweeggebring het. Hy was deeglik en het algehele fiksheid en lojaliteit van sy volgelinge verwag. Die werpspies en kleiner skild wat voorheen gebruik is, is vervang met ‘n kortsteelspies met ‘n lang lem, en ‘n skild gemaak van osvel.


## Aktiwiteit 1:

## Om die verlede van die Zoeloeryk te rekonstrueer

**[LU 3.3]**


BESTUDEER MEEGAANDE INLIGTING EN SÊ:

1. Watter skets is verkeerd? Hoekom?




Die spies se lem was ongeveer 44 cm lank en 5 cm breed, en die steel ongeveer 58 cm lank. ‘n Soldaat het sy skild gebruik om die skild van die vyand weg te druk sodat hy met sy spies kon aanval. ‘n Soldaat wat sonder sy spies van die slagveld teruggekeer het, is doodgemaak.

(b) Teken die diagram van die oskop-aanvalsformasie oor en voeg die korrekte byskrifte by.




Sy regimente (gevegsgroepe) het dikwels hul maneuvers geoefen as ‘n vorm van dans. Die jonger manne het met donkerkleurige skilde geveg en die ouer manne ligkleurige skilde. Elke regiment het sy eie kamp, oorlogskreet, skild, kleding en induna (leier) gehad. Die soldate (impi’s) het kaalvoet rondbeweeg en op klippe en dorings geoefen om sodoende hul voete taai en hard te maak. Hulle kon maklik 70 km per dag aflê vir dae aaneen! Shaka se Zoeloes het die kuns verstaan om “ongesiens” rond te beweeg deur bosse en dongas as skuiling te gebruik. Hulle het gewoonlik teen dagbreek die vyand aangeval in ‘n oskop- of knyptangformasie.

(c) Ontwerp ‘n blokkiesraaisel oor Shaka en die Zoeloeryk (5 Af en 5 Dwars). Verskaf die leidrade en die antwoorde.


Nà so ‘n aanval is die vyand se kraal afgebrand en die vee weggevoer. Om seker te maak dat ‘n kryger wat afgemaai is, werklik dood is, is sy ingewande

ook deurboor. Met hul terugkeer is die helde deur Shaka vergoed en die lafaards gestraf.

Binne tien jaar het Shaka ‘n magtige ryk opgebou. Ten spyte van sy wreedheid was hy ‘n uitsonderlike staatsman. Shaka het oorloë gevoer buite die grense van die Zoeloe-staat om sodoende vrede en vooruitgang in Zoeloeland te verseker. Die stamme in KwaZulu-Natal wat geweier het om hulle aan Shaka te onderwerp, is uitgewis of uitgedryf. Die mans moes hulle toespits op oorlogvoering en mag nie getrou het voordat hulle 40 jaar oud was nie. Namate Shaka se ryk uitgebrei het, het hy sy impi’s verder van hul huise gestuur om oorlog te voer. Baie van die mans wou egter by die huis bly en met gesinne begin. Shaka se onderdane het begin om ongelukkig te voel oor al die oorlogvoering.

In 1828 is Shaka vermoor deur sy halfbroers, Dingane en Mhlangane. Dingane het die hoof van die Zoeloeryk geword en sy hoofstat by Mgungundlovu gebou.

(d) Kyk na die sketse van Mgungundlovu hieronder en beantwoord die vrae.



- Watter ooreenkomste en verskille sien jy raak in die twee sketse?
- Werk saam in pare en verskaf vyf wette wat waarskynlik gedurende die dag in Mgungundlovu van toepassing was.

- (e) Verdeel jul klas in drie groepe om die volgende temas e bespreek:

Groep 1

Veronderstel julle is spioene in Shaka se kraal. Verskaf redes vir die volgende besluite wat deur hom geneem is:

- ‘n Soldaat wat van die slagveld terugkeer sonder sy spies, word om die lewe gebring.

- Soldate moet teen dagbreek tot die aanval oorgaan.

- Soldate moet in die oskop-aanvalsformasie veg.
- Na die aanval moet die vyand se kraal afgebrand en hul vee weggevoer word.
- Alle skilde moet van osvel, en nie beesvel nie, gemaak word.
- Die ervare mans moes die vyand van die kante aanval.

Groep 2

Bepaal of die volgende menings oor Shaka en sy Zoeloes korrek is. Indien nie, moet die korrekte feite verskaf word.

- Die Zoeloe-nasie het in die huidige KwaZulu-Natal tot stand gekom.
- Dingiswayo het na Shaka die koning van die Zoeloes geword.
- Alle skilde moes van osvel, en nie beesvel nie, gemaak word.


Groep 3

Verbeel jou dat jy die aand saam met Shaka om die kampvuur kuier. Bespreek die volgende:

- Watter groot veranderings het oor die jare in

Zoeloeland plaasgevind?

- En wat het dieselfde gebly?
- (f) Beskou jul Shaka as 'n held of 'n skurk?
- Verdeel in groepe en skryf vyf vereistes waaraan 'n held moet voldoen, neer.
- Toets nou Shaka en sy optrede om te bepaal of hy 'n skurk of 'n held is.




Onthou: jy moet jou standpunt(e) kan bewys!

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) Bron 1 is verkeerd. Soldaat moet 'n kort steekspies en groot skild hê.

vyand(b)

jong impi's

Ervare soldate

Res van die mag

(d) Ooreenkomste: -- Een groot ingang

-- vroue se kwartiere agter, ander hutte aan kante -- groot beeskraal in middel

Verskille: -- Buite-kraal, Owen se kamp ( ) en Hlomo

Amabutho (llllll) nie oral aangetoon

-- Mkhumbanerivier

-- Bron 2 het meer detail; Bron 1 is waarskynlik ‘n skets van ‘n opgrawing later

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE MFECANE VERSKUIF GRENSE

## Module 4

## DIE BASOETOE- EN NDEBELERYKE


Basoetoe-ryk

So het die Basoeto-ryk uitgebrei. Teen 1833 het

Moshweshwe bykans 25 000 volgelinge gehad. Teen 1840 het hy die Tlokoa, Rolong en Taung beheer en meer as 40 000 volgelinge gehad.

As kind het hy bekend gestaan as Lepoqu. Eers nadat hy hom bewys het as ‘n dapper man gedurende strooptogte, is hy Moshweshwe genoem – ‘n klanknabootsing van die klank van ‘n skerp mes wat gebruik is om baard mee te skeer.

Teen 1820 het die meeste groepe in die gebied oorkant die Oranjerivier behoort tot een van die Sotho-stamme: Tlokoa, Taung en Rolong. Tydens die Mfecane het groot groepe Sotho’s weggevlug van die chaos, ook Moshweshwe. In 1824 het hy en sy volgelinge hulle gevestig opThaba Bosiu wat “berg van die nag” beteken. Sy vesting was moeilik bereikbaar. Wanneer die vyand in aantog was, kon enige van die roetes versper word, of rotsblokke kon afgerol word op die vyand. Nietemin het Moshweshwe sy bes probeer om vrede te bewerkstellig. Tydens die onrus wat deur die Mfecane meegebring is, was Thaba Bosiu ‘n toevlugsoord vir vlugtelinge. Hy het ook vee aan die stamhoofde in sy gebied verskaf, hulle toegelaat om in sy dorpies te bly en hul eie tradisies te volg. Hy het ook ander groepe soos die trekboere toegelaat om die vrugbare Caledonrivier-vallei te benut.




**Opsomming van die Sotho-ryk en hul bure ongeveer 1830**

Aktiwiteit 1:

Om bewus te wees van verskillende sieninge oor Moshweshwe en Thaba Bosiu

[LU 3.1]

(a) Stel 'n kort identikit van Moshweshwe saam deur gebruik te maak van meegaande drie bronne hieronder. 'n Identikit is jou idee van hoe 'n persoon opgetree het na aanleiding van die inligting in jou besit. Maak ook melding van sy positiewe en negatiewe karaktereienskappe.

BRON A

Moshweshwe het dikwels strooptogte op nabygeleë nedersettings uitgevoer en hul vee gevat om sodoende homself en sy onderdane te verryk. Dan, ook weer, was hy goedhartig en vrygewig om sodoende sy volgelinge gelukkig te hou.

BRON B

‘n Slim opperhoof. Sy kraal was bo-op Thaba Bosiu – ‘n bergplato wat alleen op die vlaktes gestaan het. In tye van oorlog kon sy onderdane hul vee en voorrade daar beveilig. Voldoende kosvoorrade is ook in vredestye daar gestoor. Moshweshwe het ook groot hoeveelhede vee besit wat hy tydens strooptogte verkry het wanneer nodig.


BRON C

Hy was ‘n slim opperhoof en het sy kraal op ‘n plat bergkruin, omring deur hoë bergspitse, gebou. Dit sou

moeilik wees vir sy vyande om hom daar aan te val.

(b) Watter ooreenkomste en verskille kan jy identifiseer in die verskillende sketse en beskrywings van Thaba Bosiu?

Waarom verskil vertellings oor die verlede dikwels so baie van mekaar?




## 2. OORSPRONG VAN DIE NDEBELE -RYK

Tydens die Mfecane het verskeie Nguni opperhoofde met Shaka saamgewerk, maar daarna om verskillende redes met hom verskil. Nà sulke geleenthede moes hulle dan vlug om sy wraak vry te spring. Mzilikazi was ook so ‘n opperhoof.

Daar is min bekend oor Mzilikazi se vroeë geskiedenis (sy naam beteken “olifantbul”). Die inligting waaroor ons beskik, is verkry van mondelinge oorvertellings. Hy was ‘n Zoeloe en is in ongeveer 1795 gebore. Na Zwide se nederlaag teen Shaka, het Mzilikazi ‘n regimentsbevelvoerder in Shaka se leër geword. In 1822 egter, moes hy met

ongeveer 300 soldate, vroue en kinders oor die Drakensberg vlug omdat hy na ‘n veldslag vee wat aan Shaka behoort het, vir homself teruggehou het. Na ‘n lang reis waartydens hy ander stamme aangeval het om voedsel te bekom, het hy en sy mense hulle in Mpumalanga (naby die huidige Groblersdal) gevestig. Daar het hulle ‘n kraal gebou en dit Mosega genoem. Hy het sy stam versterk deur kleiner stamme wes van die Drakensberg te oorwin en deel van sy stam te maak.

Tussen1823 en1827 het Mzilikazi se volgelinge talle aanvalle uitgevoer. Teen 1829 het Mzilikazi se ryk uit ongeveer 80 000 mense bestaan. Die Rolong en Taung het gedurig in vrees geleef. Nadat Dingane se aanslag op Mosega in 1832 misluk het, het Mzilikazi sy hoofstat noordwaarts verskuif na Kapain. Vandaar het hy die omliggende gemeenskappe aangeval en oorwin.

Aktiwiteit 2:

OM TE KAN ONDERSKEI TUSSEN FEITE EN MENINGS OOR MZILIKAZI EN DIE NDEBELE-RYK

[LU 3.2]

Reël ‘n bespreking op die TV-program Agenda met vyf vriende. Nooi vir John Barrow, Eerwaarde Pellissier, Robert Moffat, en die Franse sendeling, Lemue, Kaptein Smith, en ook Bain, na die ateljee. Bekom soveel inligting as wat jy kan oor die

# Ndebele -ryk!

## Meegaande bronne bevat interessante inligting!

"EERWAARDE Moffat het ons die versekering gegee dat die mag van Europese konings niks was in vergelyking met die mag van Mzilikazi nie. Hierdie despoot het reeds al die dorpe om hom vernietig sodat hy hulle vee vir homself kon neem.

'n Man wat so gewetenloos is, sou graag sy eie sendeling wou hê."

***Bron A:*** Lemue

*"Niks interesseer hom meer as die gewere wat aan die dak van die watent vasgemaak is nie. Ek het beswaar gemaak toe hy 'n paar dubbelloop-pistole wat op die bedkassie gelê het, wou hanteer, want hulle was gelaai en hy kon homself beseer. Toe loop hy na die naaste tent en tel die tentflap op om te sien wat binne was."*

***Bron B:*** Kaptein Smith

*"Gewoonlik het hy aandete saam met ons geëet, en dan het hy nooit vergeet om 'n hele skaap wat deur sy mense gaargemaak is – en daarmee saam drie of vier potte met pampoen en koring, te stuur nie."*

***Bron C:*** John Barrow


"Hy het net vir 'n paar dae op een plek gebly voordat hy verder getrek het. Hy glo dat hy nêrens veilig is nie. Hy vertrou niemand nie. Sodra sy volgelinge by 'n vreemde stam opdaag, word daar alarm dwarsdeur die gebied gemaak."

***Bron D:*** Eerwaarde Pellisier



"Ons het die Molopo bereik – ongeveer ses ure te perd vanaf Mzilikaze se blyplek, maar ek kon nie die Griekwas (in sy diens) oorreed om een tree verder te gaan nie. Ek het vermoed dat die magtige opperhoof nie tevrede sou wees om te hoor dat ons so na aan hom was nie. Nadat ons vir drie dae oorgebly het, het ons drie renosters en ses pragtige, gestreepte kwaggas geskiet en gereed gemaak vir die terugtog."

***Bron E:*** Bain



"Elke keer as hulle 'n kraal ingeneem het, is die paniekbevange inwoners in 'n groep gejaag. Dan is al die ouers en getroude vroue op die plek doodgemaak. Diegene wat probeer het om dapper te wees, was bestem vir 'n veel erger dood met hul vrouens en kinders. Droë gras wat deurweek is met vet, is aan hul lywe vasgebind en aan die brand gesteek. Die jong seuns en meisies is soos pakdiere opgesaal met die buit van die dorpie en moes dit dra na die woonplek van die oorwinnaar. As die dorpie op 'n afgeleë plek was, is die hulpelose kindertjies agtergelaat om deur wildediere geëet te word, of om van die honger dood te gaan. Om te verhoed dat babas deur welwillende persone aangeneem kon word, is hulle in die veld neergesit en met brandhout bedek wat dan aan die brand gesteek is.

Al die mense, en ook hul besittings, word gewoonlik beskou as Mzilikaze se eiendom. Sy woord is wet en hy hoef net 'n vinger te lig en sy bevel word onmiddellik uitgevoer. Hy bestel onmiddellik vleis en bier vir my. Van sy krygers vorm 'n halfmaan om hom terwyl die ander oefen om spies te gooi. Dit wil voorkom asof hul paniekbevange is, maar tog respekteer hulle hom. Elke woord wat hy uiter, word begroet met bewondering. Hy is jonk, van gemiddelde lengte en goed gebou. Hy verwelkom my innig en gee vir my presente."

***Bron F:*** Moffat

Aktiwiteit 3:

Om kronologie en tyd by die Ndebeleryk te verstaan

[LU 2.1]

Rangskik die volgende gebeure in die korrekte

kronologiese volgorde:

Die Ndebele het hulle by die Maricorivier (Mosega) gevestig.

Mzilikazi het een van Shaka se bekwaamste bevelvoerders geword.

Mzlikazi het geweier om al Shaka se vee terug te gee.

Na die groot veldslag het Mzilikaze groot getalle vee teruggeneem.

Mzilikazi en sy volgelinge het oor die Drakensberg gevlug.

Aktiwiteit 4:

Om te kan onderskei tussen verskillende tydperke

[LU 2.3]

3. BETEKENIS VAN DIE MFECANE

Waarskynlik sal ons nooit al die redes vir, die omvang van, en die gevolge van die Mfecane weet nie, veral weens ‘n gebrek aan bevredigende en betroubare bewyse. Dit behoort egter duidelik te wees dat daar in ons land genoeg plek is vir alle mense met hul verskillende leefwyses!

(a) Verbeel jou dat julle ‘n klaspartytjie gaan hou en dat julle mense uit die tyd van die Mfecane en ook hedendaagse mense gaan nooi. Wie sal julle graag wil ontmoet?

Berei jou bekendstelling en verwelkoming van hierdie persone voor. Jou klasvriende is welkom om vrae te vra.

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(b) Platberg of ‘n platkop in die berg?

Die bronne toon net verskillende kante van Thabo Bosiu.

Mense kan dinge sonder die nodige feite miskyk en dinge sien wat nie bestaan nie. Elke party wat in ‘n gebeurtenis betrokke is, het sy eie siening oor wat gebeur het.

Aktiwiteit 3

(a)

Mzilikazi is Shaka se beste aanvoerder

Mzilikazi steel Shaka se vee

Mzilikazi weier om vee terug te gee

Mzilikazi vlug

Mzilikazi vestig sy groep by Mosega

(b) Zoeloe, Ndebele, San

Leefwyse tydens die Trek

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE GROOT TREK VERSKUIF GRENSE

## Module 5


## LEEFWYSE TYDENS DIE TREK


## Aktiwiteit 1:

## om inligting oor die plaaslewe te kommunikeer

## [LU 1.2]

1. Bestudeer meegaande skets van die lewe op ‘n plaas in die 1800’s en hou ‘n klasgesprek daaroor.






Hoekom was so baie mense so vinnig bereid om hulle plase prys te gee en hulle huise en vriende agter te laat? Waarskynlik het mense verskillende redes gehad om sulke drastiese stappe te neem. Ons kan lees wat die leiers gesê het. Hierdie is die redes wat deur Piet Retief verskaf is:

- Onrus, onveiligheid en botsings op die Oosgrens.
- Groot verliese as gevolg van strooptogte deur die Xhosas.
- Onsimpatieke Britse Regering.
- Onregverdige manier waarop vergoeding uitbetaal is vir die vrygestelde slawe.
- Die Britse regering het weggedoen met dinge wat vir die Afrikaner belangrik was (Landdros en Heemrade is vervang deur landdroste, en die

administrasie was slegs in Engels).

Die Trekkers was nie van plan om ooit terug te keer Oosgrens toe nie. Voor die aanvang van die trek het hulle sorgvuldig planne beraam en ekspedisies so ver as die huidige Namibië onderneem om te kyk of daar voldoende water en weiding beskikbaar was. Hulle het ook inligting verkry van reisigers, jagters, handelaars, veeboere en sendelinge in die binneland. Hulle vertellings en kaarte het die Voortrekkers gehelp om meer te wete te kom oor die onbekende gebiede. Daarna het die meeste geselskappe die Oranjerivier oorgesteek en by Thaba Nchu byeengekom.


1. **Bestudeer bostaande inligting oor die redes vir die Groot Trek. Verbeel jou dat jou ouers besluit het om deel te wees van die Groot Trek. Skryf 'n kort briefie aan jou vriend in die Kaap waarin jy hom of haar vertel hoekom julle gaan trek.**

**c ) Lees nou meegaande onderhoud met 'n ander Voortrekkerleier oor die lewe tydens die Groot Trek:**

"Ja. Die meeste families het twee of drie waens gehad wat gedurende die Trek langs mekaar beweeg het. Elke wa is gewoonlik deur 'n span van 16 osse getrek met 'n touleier vooraan. Die drywer het voor op 'n wakis gesit. Gewoonlik het ons ongeveer 10


km per dag afgelê. In die wa was daar voedsel, klere, beddens, kampstoeltjies en 'n wakis. Die mans en ouer kinders het buite geslaap. Onder die waens het potte, panne, hoenderhokke en 'n ghriespot gehang. Wapens en implemente soos pikke en skoffels, asook saad en vrugtebome is saamgeneem. Skape, bokke en vee het langs die waens geloop.

Die sykante van die wa het byna gelyk soos die kakebeen van 'n dier, daarom is dit 'n kakebeenwa genoem!"




"Soggens het ons vroeg opgestaan en huisgodsdiens gehou. Die kinders het ook deelgeneem deur uit die Bybel te leer lees en skryf. Saans het die hele trek uitgespan en is die waens as 'n voorsorgmaatreël in 'n laer getrek. Dan het ons om die kampvuur gesit en stories vertel en saam gesing. Die vee is in krale wat van doringtakke gebou is, gehou. Snags was daar ook wagte op diens."

"Die vrouens moes kos voorberei, wasgoed was en naaldwerk doen. Siekes is met kruie gedokter. Die mans het graag gejag. Die seuns was behendige ruiters en het reeds van jongs af geskiet en gejag. Wanneer 'n dier geskiet is, is rieme van die vel gesny wat as tou gebruik is vir die vleg van sambokke en tuisgemaakte riempiestoele. Die uitgeholde horings is gebruik om buskruit in te bewaar. Kerse en seep is van die vet gemaak en gemeng met gannabos."



**d ) Demonstreer aan jou vriende hoe speletjies wat uit die Groot Trek dateer, gespeel is**

of

Vertel vir jou vriend ook meer van jul daaglikse aktiwiteite gedurende die Groot Trek.

## Aktiwiteit 2:

## Om bronne te gebruik om meer inligting oor die Groot Trek te bekom

**[LU 1.2]**

**a) Voer die volgende opdragte in jul groepe uit:**

Groep 1:

- Jy wil deelneem aan die Groot Trek. Wat is die drie belangrikste dinge wat jy vooraf moet uitvind.
- As jy skielik moet deelneem aan die Groot Trek, watter tien items sal jy beslis met jou saamneem?


Groep 2


- Hoe het die Groot Trek die lewensomstandighede van die volgende persone geheel en al verander?● Mans ● Vrouens ● Kinders
- Sou die Suid-Afrikaanse geskiedenis heeltemal anders daar uitgesien het as die Groot Trek nie

plaasgevind het nie? Waarom?

Groep 3

Bestudeer meegaande sketse en voltooi die volgende:





- Die Voortrekkers het ‘n spesiale , die Sanna gebruik.
- Die geweer se ammunisie het bestaan uit buskruit, ghries en ..........................................
- Wanneer hulle gejag het, het die Voortrekkers hul buskruit in ‘n........................................ gehou.
- Watter probleem het hulle met hul wapens ondervind? .
- Hou sou jy die probleem opgelos het? .


Groep 4

Jy is ‘n Voortrekkervrou wat deel is van die Trek:

- Stel ‘n kortlys op van al die probleme wat jy

ondervind met jul huishouding.
- Verduidelik jou planne om hierdie probleme te oorbrug.

Teen die einde van 1835 het die eerste trekgroepe die Kaapkolonie verlaat met leiers soos Tregardt en Potgieter. Meegaande kaart gaan vir jou van groot waarde wees tydens jou studie oor die Groot Trek.




Trekgeselskappe en roetes gedurende die Groot Trek.

Die Groot Trek was ‘n poging deur meer as 15 000 wit grensboere om weg te kom van die Britse regering. Hulle het weggetrek met hulle ossewaens

om hulself elders te vestig en te regeer. Die “groot” verwys nie na die aantal trekkers nie (hulle was slegs een-tiende van die Kaapse Afrikaners), maar na die verreikende gevolge daarvan. Dit was ook nie ‘n enkele trek nie, maar het bestaan uit verskillende groepe wat die Kaap- kolonie tussen 1836 en 1838 verlaat het. Hulle het ook Khoina, gewese slawe en swart helpers met hulle saamgeneem as veewagters.

## Assessering

| |
|---|
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek |
| 1.1 Bekom die bronne |
| 1.2 Gebruik die bronne |
| 1.3 Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing) |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(verduidelik terme)

(b) Daar was ook aanvullende redes:

- Op soek na goeie, ekstra grondgebied.
- Avontuur
- Droogtes en sprinkaanplae aan Oosgrens.

(c)

- (1) disselboom
- (2) wakis
- (3) seil
- (4) potjiekospot
- (5) vaatjie met teer en vet (ghries vir wiele)
- (6) wa-as

(d) Aangeheg

Aktiwiteit 2

Groep 3:

- geweer
- ‘n pluisie, vetlappie
- kruithoring
- buskruit raak soms klam / nat

## SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE GROOT TREK VERSKUIF GRENSE

## Module 6

## DIE AANVANG VAN DIE GROOT TREK

Die eerste groot groep Voortrekkers het die Oosgrens teen die einde van 1835 verlaat onder leiding van Louis Tregardt en Lang Hans van

Rensburg, twee olifantjagters. Hulle het na die Trans-Oranje, getrek, op pad na die Soutpansberg en die Limpoporiviervallei. Die Oranjerivier is oorgesteek hoofsaaklik op vlotte wat van boomstompe gemaak is. In die noorde was uitstekende jagvelde, maar ongelukkig was dit ook die broeiplek van die tsetsevlieg en die malariamuskiet.

Van Rensburg het na die Limpopriviervallei getrek ten einde ‘n roete na Delagoabaai te open vir ivoorhandel. Hy het egter gebots met die plaaslike Tsonga-bevolking en sy hele groep is uitgemoor.

Die Tregardtgroep kon nie die Van Rensburgtrek opspoor nie en is verder na Delagoabaai. Slegs ‘n paar Trekkers het dié reis oorleef as gevolg van malaria. Vandaar het hulle per skip na Port Natal vertrek. Tregardt het volledig dagboek gehou van sy trek.

Vroeg in 1836 het Andries Hendrik Potgieter en Sarel Cilliers se geselskappe in Thaba Nchu in die Trans-Oranje aangekom. Potgieter het onderhandel vir grondgebied met die Taung onder leierskap van Makwana. Potgieter het grond ontvang in ruil vir beeste en beskerming teen die Ndebele. Hulle het ook kennis gemaak met Maroka, opperhoof van die Rolong. Daarbenewens het hulle ook vriendskaplike bande met die naburige Tlokao onder Sekonyela en met Piet David se Griekwas aangeknoop. Die

Voortrekkers het ook vriende gemaak met die Basotho. Laasgenoemde het handel gedryf met diere, ammunisie en gewere.

## Aktiwiteit 1:

## Om die Voortrekkers se verblyf in die Trans-Oranje te rekonstrueer


## [LU 2.3]

1. Lees die onderstaande gesprek wat moontlik tussen Potgieter en Makwana kon plaasgevind het. Beantwoord daarna die vrae wat volg.




- Hoekom het die Voortrekkers die Oosgrens verlaat?
- Wat dink julle het die Voortrekkers en die Taung van mekaar gedink?

- Wat wou die Voortrekkers met die grondgebied maak?




Intussen het Potgieter na Tregardt by die Soutpansberg gegaan om te onderhandel vir ‘n hawe in die noorde. Hul geselskap het naby Thaba Nchu agtergebly. Klein groepies Voortrekkers van hulle groepe het gedurig die Vaalrivier oorgesteek om te jag.

Mzilikazi was bekommerd oor die groot groepe mense wat sy Ndebele-ryk kon bedreig. Die Rolong, Tlokoa en die Griekwas het dikwels strooptogte uitgevoer, en die Zoeloes het hulle dikwels aangeval.

Mzilikazi se hoofindoena, Kalipi, het toe die Voortrekkers aangeval en van hul vee gevat. Die Liebenberg-geselskap is byna heeltemal uitgewis, maar van die ander groepe het gehelp om die aanval af te weer.

Potgieter het hiervan gehoor met sy terugkeer in

Augustus 1836. In Oktober het die Ndebele die vierkantige Voortrekkerlaer by Vegkop aangeval. Die vernaamste slag het nie langer as 30 minute geduur nie en ongeveer 40 Voortrekkers het die 6 000 Ndebele gestuit. Ongeveer 430 Ndebele en twee Voortrekkers is gedood. Die Ndebele het ook 100 perde, 400 stuks vee, 5 600 skape en die trekosse buitgemaak. Voedsel was baie skaars omdat dit nie veilig was om te jag nie. Maroka het egter kos en trekosse aan die Voortrekkers verskaf.

**b) Veronderstel jy is ‘n Zoeloe-spioen gedurende die Slag van Vegkop. Vind antwoorde op die onderstaande vrae en stel dan ‘n kort verslag saam oor die geveg.**

- Hoe het die Voortrekkers hulself voorberei een uur voor die aanvang van die geveg?
- Die ligging van die laer het die Ndebele verplig om van drie kante teen die heuwel aan te val. Watter nadele het dit vir hulle ingehou?
- Hoe is voorkom dat die waens teen die helling afgeloop het?
- Watter wapens is gebruik?
- Hoekom het die Voortrekkers van skiethokke gebruik gemaak?
- Was daar ‘n wenner en ‘n verloorder in die geveg? Motiveer.

**c) Jul klas verdeel in groepe en bespreek dan die volgende:**

- Watter drie reëls het in die laer by Vegkop gegeld?
- Elke groep maak vyf voorstelle oor wat in die laer gedoen moes word **gedurende die aanval**. Jul onderwyser skryf elke groep se voorstelle op die bord. Elke groep kies die vyf beste voorstelle en rangskik hulle in volgorde van belangrikheid. Elke groep maak dan hul voorstelle bekend.
- Hoe sou julle die ossewa beter toerus teen toekomstige aanvalle? Maak van plaaslike materiaal gebruik.




Intussen het Gerrit **Maritz**, Piet **Uys** en Piet **Retief** se geselskappe by Thaba Nchu aangekom. Retief is as hoofleier van die meer as 5 000 Voortrekkers gekies. 'n Volksraad is gekies om wet en orde te

handhaaf. ‘n Grondwet is opgestel om sake te orden en om aan die gemeenskap ‘n republikeinse karakter te verleen. Hulle het ook besluit om vir grondgebied te onderhandel en plase te vestig.

Meningsverskille oor die toekomstige roete wat gevolg moes word, het tot verdeeldheid onder die Voortrekkers gelei:

- Potgieter wou ‘n groot boerestaat in die **noordelike binneland** tot stand bring. Daar sou hulle ver van Britse oorheersing wees. Hy het verkies om hom nie op die grondgebied wat van Makwana verruil is, te vestig nie. Hy wou ook nie na Natal toe trek nie, want hy het geglo dat die Engelse in die kusgebied sou belangstel.
- Retief en sy volgelinge wou na **Natal** trek vanweë die vrugbare grond en die hawe van Port Natal.

Die *Volksvergadering* het toe besluit om oor die Drakensberge te trek Natal toe. Potgieter se groep het toe noordwaarts getrek.



**d) Bestudeer die skets van die tog oor die Drakensberge Natal toe en beantwoord die vrae:**

- Wat het met die wawiele gebeur?
- Wat is die mans en vroue besig om te doen?
- Waarom word die bome afgekap?

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom ‘n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) Sien redes vir die Trek

Mekaar gerespekteer

Blyplek voordat hul verder noordwaarts trek.

(b) Trek 50 waens in vierkantige laer (met skiethokke) en pak doringtakke tussen en onder in. Waens was met rieme en kettings aanmekaar vasgemaak. Stuur verkennings-patrollie uit. Kry gewere gereed. Vrouens en kinders bly in die middel en die vee buite.

Die Trekkers het ‘n beter uitsig gehad – so is verrassing beperk. Dit was vir die Ndebeles moeilik om teen ‘n opdraend aan te val.

Klippe is agter waens se wiele gepak, handbriek is opgetrek.

Trekkers: Sanna, Ndebele: Werpspies en klein skild

Beter uitsig, kan veilig uit alle hoeke gelyktydig skiet tydens oskop-aanvalsformasie.

Voortrekkers verslaan Ndebele, maar verloor baie vee. Ndebele verloor baie soldate.

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE GROOT TREK VERSKUIF GRENSE

## Module 3

## DIE VOORTREKKERS IN NATAL

Toe Dingane vir Shaka in 1828 opgevolg het, was die Zoeloe-ryk die magtigste in Afrika. In November 1837 het Retief, vergesel van Thomas Halstead, ‘n

Britse handelaar wat as tolk opgetree het, na Mgungundlovu – die plek van die koning – gegaan. Retief wou met Dingane onderhandel oor grond suid van die Tugelarivier waar die Trekkers huise kon bou.


Die Zoeloes het die Voortrekkers as 'n ernstige bedreiging beskou, maar was nie seker oor hoe om teen hulle op te tree nie. Ten einde hulle te toets, het Dingane vir Retief gestuur om vee wat deur die Tlokoa-opperhoof, Sekonyela (wat ook van gewere en perde gebruik gemaak het), terug te bring. Intussen het van die Voortrekkers die Drakensberge begin oorsteek sonder Retief of Dingane se toestemming.

Retief, oftewel Litivu, soos die Zoeloes hom genoem het, het gemaak soos Dingane versoek het. Onder die voorwendsel dat hy handskoene moes aanpas, is Sekonyela vasgebind, en is meer as 700 stuks vee, asook perde en wapens afgeneem. Oppad terug, by die laer, het die ouer, siek Maritz aangebied om in Retief se plek na Dingane te gaan. Toe Retief weier, het hulle hom gevra om minder mense met hom saam te neem, want hulle het nie vir Dingane vertrou nie.

Retief het egter geglo dat daar niks was om te vrees nie en hy het 70 mans en 30 helpers met hom saamgeneem na Mgungundlovu, want hy het geglo dat hy 'n goeie indruk op die Zoeloes gemaak het.

Hy wou aan die Zoeloes wys dat die Voortrekkers ‘n mag was om mee rekening te hou. Hulle het selfs skote buite die hoofkraal geskiet om hul teenwoordigheid aan te kondig. Dingane se gesteelde vee, sonder Sekonyela se wapens, is terugbesorg.

Die verdrag tussen die Zoeloes en die Voortrekkers is daar op 4 Februarie 1838 onderteken.



Cession of Port Natal to the Boers by Dingaan

(From a certified copy of the original, supplied to the compiler by Mr Jeppe) Umkugings Sloave, (a) 4th February.

Know all men by this
That whereas Pieter Retief, Governer of the Dutch emigrant South Afrikans, has retaken my Cattle, which Sinkonyella (b) had stolen, which Cattle he, the said Retief, now deliver unto me: I, DINGAAN, King of the Zoolas, do hereby certify and declare that I thought fit to resign unto him, Retief and his countrymen (on reward of the case hereabove mentioned) the place called "Port Natal" together with all the land annexed, that is to say, from Dogela (c) to the Omsoboeboe (d) River westward: and from the sea to the north, as far as the land may be useful and in my possession, which I did by this, and give unto them for their everlasting property.

(Signed) De merk van Koning Dingaan

VERDRAG

Uit: Matthews J. 1882. *Discovery History*. Kaapstad: Maskew Miller Longman, Kaapstad

## Aktiwiteit 1:

## Om tussen feite en menings oor persone en gebeure in Natalia te onderskei

## [LU 3.2]

Eerwaarde Owen, die sendeling wat net buite Mgungundlovu gewoon het, het op die oggend van 6 Februarie 1838 vir Retief en sy manne in die geheim laat waarsku dat Dingane van plan was om hulle dood te maak. Kort voor hul vertrek is Retief en sy manne na die hoofkraal ontbied sodat Dingane hulle kon onthaal en groet. Volgens tradisie het die Trekkers sonder hul wapens gegaan. Terwyl die Voortrekkers bier gedrink het en na die Zoeloe-danse gekyk het, het Dingane skielik uitgeroep dat die "towenaars" (Trekkers) doodgemaak moes word.

**a) Verskaf die korrekte antwoorde na aanleiding**

**van die volgende bron:**

Op Dinsdag 6 Februarie 1838 skryf Owen in sy dagboek:




- Hierdie is 'n bron.
- het dit agtergelaat.
- Dit het op ...............Februarie 18......... sy oorsprong gehad.
- Dit is geskryf nadat .
- Hierdie bewysstuk is belangrik (of onbelangrik) omdat .
- Voorsien 'n feit en 'n opinie uit die bron.
- Wat wil jy nog weet?

Die volgende opwindende oefening bied jou die geleentheid om historiese bronne te evalueer om sodoende die "raaisel" op te los! Hou 'n klasgeprek oor die volgende onderwerpe:

**b) Hoekom is Piet Retief en sy mense vermoor?**

Bron A:

Retief was een van die grootste helde in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit bly egter ‘n raaisel dat ‘n persoon met soveel ondervinding en intelligensie so maklik deur Dingane mislei kon word.

Bron B:

Dingane het geen rede gehad om bang te wees nie. Retief en sy geselskap het drie nagte daar geslaap sonder enige voorval. Sommige van die Voortrekkers het verveeld begin raak en het voor die hoofkraal verbygeloop.

Bron C:

Dingane het geen grondgebied aan Retief gegee nie, want individuele eienaarskap was ongehoord by die Zoeloes. In ieder geval het die grond aan die volk behoort en nie aan die koning nie. Hierdie selfde grond is tydelik aan die Britse handelaars geleen, maar het die eiendom van die Zoeloes gebly.

Bron D:

Zoeloewagte het opgemerk dat Voortrekkerspioene ronddrentel by die hoofkraal tydens hul tweede besoek. Dit was ook verbode terrein vir die Zoeloes en oortreding was strafbaar met die dood.

Bron E:

Die Britse handelaars wou nie meer wapens aan Dingane verkoop nie. Die Voortrekkers was die ideale mense van wie wapens verkry kon word. Ongelukkig het Retief nie Sekonyela se wapens aan Dingane oorhandig nie. Dit het Dingane ontstel. Dit het hom verplig om geweld te gebruik ten einde sy ideaal te bereik.


**c) Wat sou gebeur het indien:**

- beide Dingane en Retief Engels kon praat?
- Amerikaanse inboorlinge, en nie die Zoeloes nie, in Natal gewoon het?

Intussen het die nuus van Mzilikazi se nederlae Dingane bereik. Hy was geskok oor die mag van die Voortrekkers, want selfs hy kon nie die Ndebele verslaan nie. Hy wou seker maak dat die res van die Voortrekkers hul nie sou aanval nie.

Daarna het die Zoeloes die Voortrekkerlaers vroeg die oggend van 17 Februarie 1838 op die oewers van die Boesmans- en Blaaukrantzriviere aangeval. Ongeveer 500 mense, van wie die helfte handlangers en werkers was, het omgekom. Die Zoeloes moes egter terugval na ‘n tydelike teenaanval, maar hulle het 25 000 stuks vee met hulle saamgeneem. Die Voortrekkers was vasberade om aan te bly in Natal, maar hul moes eers herstel van hul verliese. ‘n Klein dorpie, Weenen, is later op

die terrein gevestig.





Die aanval op die Voortrekkers by Blaaukrantz

Potgieter is gevra om die Voortrekkers in Natal te kom help. Hy en Uys het elkeen ‘n kommando gelei om die Zoeloes te straf en om die Voortrekkers se vee terug te kry.

Op pad na Mgungundlovu, op 10 April 1838, het die Zoeloes die voorste kommando van Piet Uys in ‘n digbegroeide kloof by Italeni in ‘n lokval gelei. Die Zoeloes het vooraf ‘n aanval verwag. Die voorste kommando van Uys is in ‘n lokval gelei en vasgekeer. Al wat Potgieter se kommando kon doen, was om al hul vuurkrag op een plek te rig en sodoende ‘n opening te maak waardeur Uys en sy

mense kon vlug. Die meeste mense wat in die agterhoede was, kon vlug, maar Uys wat aan die voorpunt was, is ernstig gewond. Toe hy van sy perd afval, het hy sy manne beveel om te vlug. Sy seun Dirkie het egter geweier om sy vader agter te laat, en hy is langs hom doodgemaak. (Vra jul onderwyser om vir julle die storie van Dirkie Uys te vertel!) Potgieter se kommando is agterna die Vlugkommando genoem. Hy het Natal verlaat en nooit teruggekeer nie.




Diagrammatiese voorstelling van die Slag van Italeni

**d) Beantwoord die volgende vrae oor die Slag van Italeni :**

- Herkonstrueer die skets oor die Slag van Italeni deur middel van ‘n model of tekening sodat mens dit beter kan verstaan.OF
- Verduidelik met die hulp van ‘n strokiesprent hoe jy, as ‘n Zoeloe-aanvoerder, selfs ‘n beter lokval sou opstel.

Die meeste Voortrekkerlaers het na die Klein Tugelarivier verskuif waar ‘n donga en ‘n grondwal (van sooie en klei) groter beskerming gebied het.

Om dié rede is daar soms verwys na hierdie kamp as die Sooilaer. Party Voortrekkers het selfs begin koring saai en tuinmaak, aangesien hul voedsel besig was om min te raak. Gevolglik is die laer ook soms Saailaer genoem. Intussen het die Zoeloes nog drie keer aangeval en meer as 10 000 stuks vee weggevoer.

Die winter van 1838 was baie koud, hout was skaars en die weiding vir die vee was nie genoeg nie. Om alles te kroon, het brande in die laers uitgebreek. Bek-en-klouseer het onder die vee gemaai en ‘n masel-epidemie het onder die Trekkers gewoed. Maritz het gesterf en Andries Pretorius, ‘n bekende militêr, is uit die Kaapkolonie ontbied. Hy het dadelik gekom met 500 manne.

Op 26 November 1838 is Pretorius verkies tot hoofkommandant. Hy het dadelik met voorbereidings begin om ‘n aanval teen die Zoeloes te loods, eerder as om weer aangeval te word. Sy plan was om gebruik te maak van ‘n versterkte wa-laer en perderuiters. Die vroue, kinders en party van die mans het agterbly in Sooilaer.

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) geskrewe

- Owen
- 6 Februarie 1838
- Dingane besluit het om die Trekkers te vermoor

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7


## DIE GROOT TREK VERSKUIF GRENSE

## Module 8

## DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER

Ongeveer 468 Voortrekkers, 60 Zoeloes, drie Engelse en ‘n paar swart helpers het in Desember 1838 na Mgungundlovu vertrek met 57 van die

beste waens, osse en perde. ‘n Engelse handelaar wat die gebied goed geken het, Alexander Biggar, het 60 swart helpers te voet geneem om Pretorius te help. Na donker is die waens om veiligheidsredes in ‘n laer getrek. Hekke wat van beesvelle gemaak is, is gebruik om die waens aan mekaar vas te maak. Die perde en beeste is in die middel van die laer met rieme aan mekaar vasgebind. Klein kanonne is opgestel. Saans het die Voortrekkers gewyde liedere gesing om hulle te bemoedig. Sarel Cilliers het die Voortrekkers gelei om ‘n gelofte af te lê waarin die Trekkers God gevra het vir ‘n oorwinning teen die Zoeloes.





Die kommando se roete na Mgungundlovo

Teen die aand van 15 Desember het twee verkenners wat vooruit gery het, teruggekeer met die nuus dat ‘n Zoeloemag van ongeveer 15 000 mans op pad was, ‘n dagreis ver. Pretorius moes toe vinnig besluit op ‘n plek waar die laer getrek moet word. Van die waens is in ‘n reguit lyn, parallel met

‘n diep donga (drie meter diep), opgestel, loodreg met die Ncomerivier. Die res van die waens is in ‘n halwe sirkel getrek en aan die ander waens vasgemaak. Op die hoeke is klein kanonne opgestel en die vee is binne die laer bymekaar gemaak.

Verskillende voorstellings van die laer:



Teen dagbreek op 16 Desember het die Zoeloemag onder aanvoering van Ndlela en Dambuza probeer om die laer te omsingel met die bekende oskop-formasie. Die Voortrekkers was buite die trefkrag van die spiese en hul geweervuur en kanonne het elke Zoeloe-aanval gestuit. Na twee uur het die Trekkers se ammunisie opgeraak en is groepe te perd uitgestuur om die Zoeloes te verdryf.

Die Zoeloes moes uiteindelik vlug. Die oorwinning van die Voortrekkers was hoofsaaklik toe te skryf aan deeglike, taktiese voorbereidings, militêre vindingrykheid en hul moderne wapens. Dit was beslis ‘n terugslag vir die Zoeloes, maar dit was nie die einde van hul magtige ryk nie.

## Aktiwiteit 1:

## Om te onderskei tussen feite en menings oor die slag van bloedrivier

**[LU 3.2]**

**a) Bespreek watter van die vorige sketse oor die terrein van die Slag van Bloedrivier die betroubaarste is. Maak dan jou eie voorstelling met behulp van die korrekte inligting.**

**b) Tot wie se voordeel of nadeel sou die volgende gewees het?**

- ‘n Geveg in die donker
- ‘n Vloed op 10 Desember
- Moderne tegnologie

**c) Werk in pare en beantwoord die volgende vrae oor die Slag van Bloedrivier:**

- Indien Dingane en Pretorius Bloedrivier vandag moes besoek, sou hulle sekere veranderings waargeneem het, asook dinge wat dieselfde gebly het. Noem twee voorbeelde van elk.

**d) Stel ‘n tabel op waarin jy die volgende veldslae met mekaar vergelyk wat betref die datum, terrein, leiers, taktiek en gevolge:**

- Vegkop
- Italeni
- Bloedrivier

Op 20 Desember het die Voortrekkers op ‘n

brandende en verlate Mgungundlovu afgekom. Elf dae later is hulle egter deur die Zoeloes in ‘n lokval gelei in ‘n digbeboste gebied naby die Wit Umfolozirivier. Die Zoeloemag van 5 000 moes na ‘n harde veldslag die aftog blaas.

Gedurende Maart 1839 het die Voortrekkers en die Zoeloes begin onderhandel oor grondgebied, maar sonder enige sukses. Intussen het die Zoeloes begin om hul vertroue in Dingane te verloor, veral na die moord op Retief en sy geselskap. Hy het begin om die Swazi’s aan te val in ‘n poging om sy ryk noordwaarts uit te brei. Sy poging het misluk en hyself is verslaan deur sy halfbroer, Mpande, wat weggebreek het met die helfte van die Zoeloemag. Op 10 Februarie het Mpande die nuwe Zoeloe-opperhoof geword. Hy is dadelik deur die Voortrekkers erken. Dingane is later deur die Swazi’s doodgemaak.

Die Voortrekkers het die Republiek van Natalia uitgeroep, met Pietermaritzburg (vernoem na Retief en Maritz) as hoofstad.

## Aktiwiteit 2:

## Om bewus te wees van verskillende sienings oor die Groot Trek

### [LU 3.1]

(a) Is die volgende stellings waar of onwaar? Verskaf die korrekte feite, indien dit onwaar is.

- Dingane is finaal by Bloedrivier deur die Voortrekkers verslaan.
- Na die Slag van die Wit Umfolozi het Potgieter se kommando bekend gestaan as die Vlugkommando.
- Die Voortrekkers moes eerder na Mpumalanga getrek het.

### Die betekenis van die Groot Trek

Die versetbeweging teen die Britse oorheersing het gedeeltelik geslaag toe die Republiek van Natalia uitgeroep is. Weereens, egter, het die Britte later ingemeng. Dit het 'n toenemende nasionale bewustheid onder die Afrikaner laat ontstaan.

Die Groot Trek het nie net gelei tot botsings met plaaslike bevolking nie. Goeie verhoudings, veral handelsverhoudings, het ontstaan.

Die Trek het ook bygedra tot die verdere oopstelling van die binneland.



- Wat dink jy is die ware betekenis van die Slag van Bloedrivier?

## Assessering

LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE –

| |
|---|
| Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) Skets 1

(d)

| | Vegkop | Italeni | Bloedrivier |
|---|---|---|---|
| Datum | Augustus 1836 | 10 April 1838 | 16 Desember 1838 |
| Terrein | Teen 'n heuwel | Digbegroeide kloof | Langs donga en riviere |
| Leiers | Trekker: Potgieter | Trekker: Potgieter, Uys | |
| Taktiek | Trekkers: | Zoeloes lei | Trekkers: |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Vierkantige laer met skiethokke | Trekkers in lokval | Laer met kampeZoeloes: Oskop |
| Gevolge | Ndebele verslaan | Voortrekkers verslaan | Zoeloes verslaan |

Aktiwiteit 4.2

- Onwaar: Dingane is later deur Swazi's doodgemaak
- Onwaar: Na Slag van Italeni

## SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DEMOKRASIE OF OORLOG

## Module 9

## DIE AMERIKAANSE VRYHEIDSOORLOG

Daar is verskillende maniere waarop mense hulself kan regeer. Een van hierdie maniere is ‘n demokratiese regering. In ‘n demokrasie neem elke

persoon deel aan die maak van reëls en wette. Elkeen staan saam om die reëls wat die meeste mense verlang, te gehoorsaam.

In hierdie module gaan ons ‘n studie maak van twee voorbeelde waar inwoners nie demokratiese regte gehad het nie. Dit het ongelukkig tot konflik en oorloë gelei:

- Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775 – 1783)

- Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902)

Kan jul nog onthou hoe demokrasie in Suid-Afrika ontwikkel het? Jul het ‘n module daaroor verlede jaar gedoen!

**Aktiwiteit 1:**

**Om die oorsake van die emigrasie na Amerika te verskaf**

**[LO 2.2]**


Waarom vind emigrasie na Amerika plaas?

Meer as twee eeue gelede het setlaars, veral vanaf Europa, na Amerika begin verhuis. Dit was een van die grootste immigrasies van alle tye. Daar was bepaalde geskiedkundige (historiese) en aardrykskundige (topografie, klimaat) redes waarom die setlaars die ooskus van die huidige Noord-Amerika verkies het.



- Bestudeer eers meegaande drie bronne, en voltooi dan die opdrag wat volg.

BRON 1




Die ontstaan van die VSA

BRON 2


- Europeërs het na Amerika geëmigreer veral vanweë ekonomiese redes. Brittanje het ernstige ekonomiese probleme ondervind, veral tussen 1620 en 1635. Teen 1690 was daar meer as 250 000 mense, wat ook immigrante vanaf Duitsland, Ierland, Skotland, Switserland en

Frankryk ingesluit het, in Amerika woonagtig. Teen 1775 het meer as 2 miljoen mense in Amerika gebly.

- Omstreeks 1610 besit Engeland ‘n klein nedersetting in Virginië. Algaande is katoen en tabak in die oostelike deel van die vasteland verbou, ook deur ander Wes-Europese lande wat kolonies daar besit het. In die 17de eeu neem die bevolking van die Britse kolonies toe – veral weens godsdiensvlugtelinge uit Engeland. In die 1700’s was Brittanje ‘n handelsland. Brittanje het van die gebiede waarmee hul handel gedryf het, oorgeneem. Die gebiede is kolonies genoem. Britse fabrieke het die grondstowwe gebruik vir hul fabrieke.
- Tussen 1607 en 1732 het Engeland 13 gebiede aan die suidoostelike gebied van die suidoostelike kus van Noord-Amerika gekoloniseer.
- Teen 1732 was daar reeds 13 selfregerende kolonies. Omdat die kolonies al hoe ryker geword het, het Brittanje al hoe meer begin voorskryf t.o.v. die handelsbeperkings en belastings.Bron 3



Topografie




**Reënval**

1. Hou nou 'n klasgesprek oor die volgende vrae:

(i) Waarom het die immigrante Europa veral verlaat? Is dit aanvaarbare redes om jou land te verlaat? Waarom?

(ii) Waarom het die setlaars hulself hier gevestig?

(iii) Waarom sou dit vir groot groepe moeilik wees om weswaarts uit te brei? (Wenk: topografie en klimaat)

(iv) Watter produkte word tans in dié streek verbou?

(v) Gee voorbeelde van (groepe) mense wat om soortgelyke redes na Suid- Afrika gekom het.


**Aktiwiteit 2:**

**om die gevolge van die emigrasie na Amerika te verskaf**

**[LU 3.2]**

Die Amerikaanse Vryheidsoorlog (Revolusie): 1775 – 1783


Brittanje weier om na die Amerikaanse koloniste se klagtes te luister. Die koloniste se ontevredenheid bereik breekpunt na die heffing van ‘n nuwe belasting op tee. Van hul leiers, vermom as Rooihuide, gaan in 1773 aan boord van skepe belaai met tee, wat in die Bostonhawe lê (bestem vir Engeland), en gooi die vrag in die water. Dit staan bekend as die Bostonse Teeparty.



Vanaf 1775 volg verskeie vyandelike voorvalle en behaal die Amerikaners die een oorwinning na die ander. Die bevelvoerder van die Amerikaanse magte, George Washington, slaag daarin om die Delawarerivier met 24 000 man oor te steek. In 1783 is Brittanje verplig om oor te gee en die onafhanklikheid van die Amerikaanse kolonies in die VSA te erken.



Drie beroemde Amerikaners wat ‘n groot rol in die opstel van die Amerikaanse grondwet gespeel het: (links na regs) John Adams, Benjamin Franklin en Thomas Jefferson.



In 1787 word die konsep-grondwet van die VSA goedgekeur. Daarna het die VSA uitgebrei nadat daar 13 kolonies in die 17de en 18de eeu gestig is. Gedurende die 19de eeu het meer as 30 nuwes bygekom. Die getal het in die begin van die 20ste eeu aangegroei tot 50 state wat almal lid van die federasie geword het. Tans strek die VSA van die Atlantiese tot die Stille Oseaan, ‘n afstand van meer as 4 000 km.




Die ontwikkeling van die VSA

**b) Die onafhanklikheidsverklaring, wat reeds in 1776 opgestel is, vorm deel van die Amerikaanse grondwet.**

"Alle mense is as gelykes geskape, en die Skepper het hul sekere onvervreembare regte gegee, waaronder die lewe, die vryheid en die strewe na geluk"

Artikel uit Onafhanklikheidsverklaring

- Het die mense van die VSA dit bereik? Motiveer.
- Stem jy daarmee saam? Motiveer.

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom ‘n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) i) Ekonomies veral, godsdienstig

1. Die Oostelike deel van VSA het ‘n beter klimaat
2. Al hoe minder reën, met ander woorde, droog
3. Katoen, tabak
4. Franse Hugenote, Britse Setlaars

Aktiwiteit 1.2

(b) Ja – dit vorm deel van grondwet. Die VSA word beskou as “Sweet land of liberty”.

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

# Graad 7

# DEMOKRASIE OF OORLOG

# Module 10

## DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Die Groot Trek na die binneland vanaf (ongeveer) 1838 het veroorsaak dat twee Boere-republieke, nl. die Transvaal en die Oranje-Vrystaat tot stand

gekom het. Die boere wat in dié Republieke gewoon het, was vry mense en ver buite die bereik van die Britse oorheersing aan die Kaap. Verskeie gebeure het veroorsaak dat die Britse regering meer in die Republieke begin belangstel het en selfs bereid was om oorlog te voer om die gebied onder Britse beheer te plaas.

In 1877 het Brittanje die Transvaalse republiek, genoem die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) oorgeneem. Die Boere was woedend, en die eerste Anglo-Boereoorlog (1880 – 1881) breek uit. Na verskeie nederlae en groot verliese, veral die Slag van Majuba, gee die Britte oor. Op 23 Maart 1881 is ‘n Vredesooreenkoms onderteken en Transvaal is aan die Boere teruggegee.

In 1886 is goud aan die Witwatersrand ontdek. Mettertyd het die gedagte by Brittanje ontstaan om die Krugerregering van Transvaal oor te neem, sodat Brittanje die goud in besit kon neem. President Kruger het ‘n ultimatum aan die Britse regering gestel dat hulle hul soldate op hul grense moes terugtrek. Soos te wagte, is dit verwerp en op 11 Oktober 1899 is oorlog verklaar.

Die Anglo-Boereoorlog het van 1899 – 1902 plaasgevind ná verskeie botsings tussen Boer en Brit in Suid-Afrika. Verskillende name is aan die oorlog gegee:

- die Vryheidsoorlog

- die Tweede Vryheidsoorlog

- die Groot-Boereoorlog;

- die Suid-Afrikaanse Oorlog of die Anglo-Boereoorlog.

‘n Oorlog tussen twee klein republiekies en die magtige Britse Ryk in Groot Brittanje het gevolg. Ongeveer 64 000 boere teenoor die 100 000 Britse troepe, wat later tot 448 000 sou aangroei.

Ons gaan hierdie module deur selfstudie deurwerk. Dit is onmoontlik om die volledige oorlog in die klaskamer deur te werk. Kry goeie boeke in die biblioteek of by jou onderwyser en lees soveel as moontlik oor die oorlog.

In hierdie leereenheid word ‘n kaart, tydlyn, tekeninge en agtergrondinligting verskaf om vir jou ‘n geheelbeeld te verskaf. Daarna verskaf elke leereenheid slegs spesifieke agtergrondsinligting, koerantartikels en spotprente om jou te help.


## Aktiwiteit 1:

## Om die kronologie en tyd van die Anglo-boereoorlog te verstaan

### [LU 2.1]

a) Stel ‘n meer kindervriendelike tydlyn of kaart saam waarin belangrike momente tydens die oorlog verduidelik word. Meegaande kaart en sketse/ artikels gaan jou hiermee help.


BRON A




Verloop van die oorlog

BRON B

Sketse/artikel oor Britse en Boere-generaals.



**Voor:** *Buller*; **Agter:** *Colley, Kitchener en Baden-Powell*

Britse Generaals

- **Sir George Colley** was aanvoerder van die Britse magte in Natal tydens die eerste Anglo-Boereoorlog. Hy het by Majuba gesneuwel.
- **Sir Redvers Buller** was met die uitbreek van die tweede Anglo-Boereoorlog in bevel van die Natalse veldmag. Maar hul eerste veldslae het rampspoedig verloop.
- **Lord Frederick Roberts** het Buller as

aanvoerder van die Britse magte opgevolg. Hy het Bloemfontein en Pretoria beset.

- **Lord Horatio Herbert Kitchener** het in 1900 vir lord Roberts opgevolg. Hy is vir konsentrasiekampe en die afbrand van plase gekritiseer.

**Lord Robert Baden-Powell** het tydens die 217-dae-beleg van Mafeking ‘n Britse held geword. Hy was ook die stigter van die Boy Scouts.



Botha, Smuts, De Wet, Joubert

Boere-generaals


- **Louis Botha** het generaal Piet Joubert as kommandant-generaal van die Transvaalse kommando’s opgevolg. In 1910 het Botha die eerste premier van die Unie van Suid-Afrika geword.
- **Jacobus (Koos) de la Rey** het hom by die Slag van Modderrivier onderskei. Hy het

loopgraafoorlogvoering by Magersfontein begin en later in die guerilla-oorlog geveg.

- **Petrus (Piet) Joubert** was twee keer president van die ZAR en ‘n kommandant-generaal tydens die eerste Anglo-Boereoorlog.
- **Jan Christiaan Smuts** het die guerillafase van die tweede Anglo-Boereoorlog help beplan. Hy was twee keer die premier van die Unie van Suid-Afrika.
- **Christiaan Rudolf de Wet** het in die eerste Anglo-Boereoorlog geveg en was hoofkommandant van die OVS tydens die tweede Vryheidsoorlog.

Uit: *KTV: Alles oor S.A.*

BRON C: Britse en Boere soldate tydens gevegte





## Assessering

LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon

2.1 Verstaan kronologie en tyd

2.2 Verskaf redes waarom ‘n historiese gebeurtenis

| |
|---|
| plaasgevind het (oorsake, gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |

Die oorlog breek uit (1899 - 1900)

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DEMOKRASIE OF OORLOG

## Module 11

## DIE OORLOG BREEK UIT (1899 – 1900)

1899: Die boere se jaar

Toe Brittanje weier om sy soldate te onttrek, val die

Transvaalse en Vrystaatse boere Natal en die Kaapkolonie binne.

Aan die wesfront word Mafeking, Kimberley en Ladysmith omsingel. Tswana hoofmanne help ook die Boere. Toe die Britte poog om Kimberley te probeer bevry, word hul deur die Boere in die Noord-Kaap verslaan. Die Slag van Magersfontein het op ‘n algehele ramp vir die Britte uitgeloop, terwyl die Britte ook by Stormberg en Colenso verslaan is. Hierdie rampspoedige week staan in die Britse geskiedenis bekend as “Black Week”. Een derde van die Britse soldate gee oor.

Die Britte se uniforms en militêre strategieë was glad nie geskik vir Suid-Afrikaanse toestande nie. Die Boere het nie uniforms of regimente gehad nie – oud en jonk het saam geveg. Hul het die veld goed geken en kon van kleins af perdry en skiet.

1900: Die Britte se jaar

Lord Roberts se troepe het Kimberley bevry en 4 000 Boere gevange geneem. Twaalf dae later het 4 000 Boere by Paardeberg oorgegee nadat 40 000 Britse troepe hul twee weke lank aangeval het. Daarna word Bloemfontein oorgeneem en die Oranje-Vrystaat word ‘n Britse kolonie. 43 000 Britse soldate val Johannesburg binne sonder dat ‘n skoot geskiet word. Britse soldate uit Natal sluit by hulle aan en vyf dae later word Pretoria ingeneem.

In Februarie word die Boere se beleg van Ladysmith beëindig en Mafeking op 17 Mei bevry. In September word Transvaal tot ‘n Britse kolonie verklaar. Daar was nog nie vrede nie omdat Boerekommando’s steeds geveg het. Boerevroue en kinders het kos en skuiling aan lede van die Boerekommando’s gebied.

**Aktiwiteit 1:**

## Om verskillende bronne oor die Anglo-boereoorlog te gebruik en verslag daaroor te doen

**[LU 1.2]**

Bestudeer eers meegaande bronne (tydlyn, kaart, artikels, spotprente).

a) Verduidelik met behulp van ‘n strokiesprent waarom 1899 beskou is as die Boere se jaar.

of

b) Vergelyk die Boere en Britte se weermagte deur middel van ‘n oulike blokkiesraaisel.

DIE NUUSBODE 1900

| | | |
|---|---|---|
| “EK GAAT OOK SPOOK, OMIE!”SPIOENKOP, 26 Januarie 1900. – “Terwyl hewige gevegte naby Spioenkop nog aan die gang is, sien ek ‘n ongewapende seun van omtrent vyftien | GENERAAL BULLER OPGEVOLG DEUR LORD ROBERTSCronjé Omsingel en Bloemfontein BesetBLOEMFONTEIN, 13 Maart 1900. – Vandag het lord Roberts se leërs Bloemfontein binnegetrek nadat die bloedigste | In die buiteland is al hierdie gebeurtenisse met spanning gevolg, maar hoewel oral geesdrif vir die Boeresaak heers, het slegs die twintigjarige Koningin van die Nederlande |

jaar op ‘n maer vosperd slagveld toe ry,” vertel kommandant De Villiers aan een van ons verslaggewers. “Oom,” sê die seun, “ek hoor dat hulle hierbo spook – ek gaat ook spook.” En voor ek kon keer, is hy vort. Vandag ontmoet ek toe dieselfde seun met ‘n Britse helm op stryd van die oorlog verlede maand by Paardeberg plaasgevind het waar generaal Piet Cronjé op 17 Februarie met Kitchener se voorhoede slaags geraak het. Eers het hy die Engelse deur hewige mauservuur met onsettende verliese teruggedryf, maar spoedig was die die moed gehad om daadwerklike hulp te verleen deur die Nederlandse oorlogsbodem *H.M. Gelderland* te stuur om president Krüger na Europa te vervoer. Die seereis het van 20 Oktober tot 22 November geduur.RIDDER SONDER VREES OF BLAAMDanie Theron Sterf die HeldedoodELAN Sondag, 15

sy kop. Drie Lee-Metford-gewere en verskeie watervaatjies hang oor sy skouers, 'n aantal bajonette en 'n paar klein grawe hang oor sy perd. Verder het die seun met nog vier of vyf bande patrone oor sy skouers die slagveld verlaat. Hy het gespook. Een van

Boeremag geheel omsingel en na 'n tiendaagse stryd, het Cronjé met 4 000 man aan lord Roberts wat nou oor 'n leër van 70 000 man beskik, oorgegee.Generaal C.R. de Wet, wat verlede jaar op 16 Desember deur staatspresident M.T. Steyn as veggeneraal aangestel is, het eers alles in sy

September 1900. – Die lede van Theron's Verkenningskorp het vandag die stoflike oorskot van hul geliefde leier, wat tien dae gelede op Gatsrand gesneuwel het, herbegrawe.Kom Danie Theron, 28-jarige baasverkenner en krygsman, het sy lewe duur verkoop toe die vyand

die dae sien ons hom seker terug met sy maats, wat ons ook nog te jonk beskou het om op kommandodiens te gaan.”BOERE TREK TERUGLADYSMITH, 28 Februarie 1900 – Generaal sir Redvers Buller wat tydens die agtdaagse gevegte by Spioenkop bykans 3 000 man verloor het ná

vermoë gedoen om generaal Cronjé ‘n kans te gee om uit die Engelse omsingeling los te breek, en na die ramp al sy kragte ingespan om die kommando’s met moed te besiel. Die ontsteltenis oor Piet Cronjé se oorgawe het hulle strydlus egter verlam. Sonder verdere

hom omsingel het. Hoewel hy alleen was, het die vyand gemeen dat hulle met ‘n sterk besette posisie van die Boere te doen het en al hulle geskut op die heuwel gekonsentreer, totdat dit daar stil geword het. Eers in Natal, daarna as genl. De Wet se “oë en ore” het

gevegte by Vaalkrans, het in die stryd om die Bosrand, wat tydens die afgelope veertien dae gewoed het, nog omtrent 4 000 man verloor. Vandag moes die Boere voor die oormag swig en het Buller met ‘n leër van 40 000 man Ladysmith ontset. Generaal teenstand het Roberts se troepe Bloemfontein bereik.GRYSE PRESIDENT BESOEK DIE FRONTDe Wet se Nuwe Vegtaktiek word op die Proef GestelSANNASPOS, 1 April 1900. ‘n Nuwe krygstaktiek is aanvaar: die groot wa-laers is afgeskaf en slegs perdekommando’s sal nou in die stryd gebruik word.Gister hy roem verwerf deur die wyse waarop hy dwarsdeur die Engelse magte wat genl. Cronjé omsingel het, heen en weer pad gesoek het in sy poging om die Boere wat daar vasgekeer was, te beweeg om ‘n pad deur die Engelse leërs oop te veg. Met

Joubert wat ernstig siek is, het die Boere-kommando's wat omtrent 5 000 man sterk is, onder bevel van generaal Louis Botha geplaas.


is die nuwe krygstaktiek hier by die waterwerke van Sannaspos op die proef gestel toe generaal De Wet 'n Engelse mag van 1 800 man aangeval, 480 van hulle gevange geneem en 500 gedood en gewond het. Nadat hy die bevel oorgedra het aan sy broer Piet en genl.

vernuf en lis waar moontlik, met geweld waar nodig, het hy die vyand week na week bestry en groot skade berokken. Nooit het hy die lewe van sy krygsmakkers in gevaar gestel nie, en in hulle harte en in die harte van die nageslag sal sy naam bly


Andries Cronjé, is generaal De Wet gisteraand onmiddellik verder op ‘n verkenningstog met drie van sy staflede.

lewe as ridder sonder vrees of blaam.

# OORLOG BREEK UIT... (1899)





## SONSVERDUISTERING IN AFRIKA




Kruger aan Steyn: "Dinge lyk duister!"


## DIE SITUASIE




Britse werker: "Sien jy die pienk, Bill? Dis ons s'n. Sien jy die groen? Dis hulle s'n. Maar dit sal een van die dae alles pienk wees."

*Punch*


## DIE VOORWAARDE VIR VREDE




Verdwyn eers, daarna kan ons oor vrede gesels!


*Fischietto*

# DIE BOERE SE JAAR - (1899)




*St. Petersburg Gazette*

## VERSKIL VAN VISIE!




Hoe John Bull hom Oom Paul enkele weke voorgestel het, en hoe hy hom nou sien

*Grand Rapids Morning Post*

## BRITSE SOLDATE OP DIE VLUG - WEER EENS...



Britse oorwinnaars. Uit Britse telegramme: "Die terugtog geskied ordelik." "Die terugtog word meesterlik gelei."

*Van Geldorp, Amsterdamsche Courant, 6.1.1900*

## DIE SLEUTEL KWYT




Bull se onvermoë om Ladysmith te ontset - (Nov. 1899 - Febr. 1900). Genl. Buller nog steeds aan't soek na die sleutel tot die Boereposisies.

Braakensiek, *De Amsterdammer*

## LANGVINGER - JOHN BULL




John Bull: "Au! Ek het nie geweet dat die goudvelde van Transvaal so warm is nie."

*Van Geldorp, Amsterdamsche Courant, 1.12.1899*

# BRITTE SE JAAR - (1900)

## LORD ROBERTS SE DILEMMA IN SUID-AFRIKA



Roberts se opmars na Bloemfontein en Pretoria is bemoeilik, omdat die Boere treinspore en sy soldate gedurig aangeval het.

*Van Geldorp,*
*Amsterdamsche Courant, 6.4.1900*

## DIE BRITSE WEERMAG IN AFRIKA



Nadat Brittanje al sy troepe gemobiliseer het, bly daar vir hom niks meer oor as om die diere van Afrika te bewapen nie.

*Lustige Blätter*

## DIE SINKENDE SKIP



64 000 Boere
vs
448 000
Britte!

Kruger vertrek na Europa weens sy gesondheid en om te gaan hulp soek.

*Punch, 19.09.1900*

DANIE THERON

DIE BAASVERKENNER

“Dit was ‘n waagstuk wat ek hom voorgestel het om te doen soos wat nie oortref sou word in ons ganse bloedige stryd nie,” het generaal De Wet later omtrent die volgende stuk verkennerswerk van Danie Theron gesê, wat hy tussen 24 – 26 Februarie 1900 by Paardeberg onderneem het – net ‘n week na kolonel Hannay se dood op 18 Februarie.

Generaal Christiaan de Wet, die vurige Vrystaatse aanvoerder, is bekommerd. Aanvanklik het die Boere die vyand swaar verliese toegedien en veral één “swart week” lank die magtige Britse leër laat steier. Maar nou, ná vyf maande in die veld, is die Engelse besig om met hul getalle-oorwig alle teenstand voor hulle weg te vee. Oral stoot die groot seekat sy voelers in en wurg die Boere aan die keel. Hier by Paardeberg het hulle juis vir generaal Piet Cronjé met vierduisend burgers vasgekeer. As hulle moet swig, sal dit ‘n verpletterende slag vir die Republieke wees. Generaal De Wet peins en oorweeg. Die strydmag móét ontset word, en hy het ‘n plan om op twee punte ‘n pad vir hulle oop te skiet. Maar dan is dit noodsaaklik dat die vasgekeerdes weet waar en wanneer dit sal gebeur. Dis sy grootste probleem hoe om ‘n boodskap deur die vaste kordon van Engelse te kry.

Die Generaal tik nadenkend met sy handsambok teen sy rybroek. Hy hoor Danie Theron het gisternag van die Natalse front af in die laer aangekom – kaptein Danie Theron, en hy is glo ‘n bobaas-

verkenner. Hier is geleentheid vir die jong Transvaler om te wys wat daar in hom steek. Generaal De Wet laat hom roep.

“Ek wil ‘n mondelinge boodskap na generaal Cronjé deurstuur, kaptein,” sê die Generaal. “Op skrif kan ek dit nie stel nie, want netnou val dit in Engelse hande. Sien jy kans om te probeer?”

“Ek sal gaan, Generaal,” antwoord Danie Theron beslis.

“Jy besef natuurlik die gevare?”

“Dis my werk, Generaal. Ek is ‘n verkenner.”

Die Generaal lê sy plan uit.

“Goed, Generaal.”

Danie Theron ry saam met twee van sy manne tot op ‘n veilige afstand van die Engelse linies om eers te verspied. Hy is hoof van die Wielryers-rapportgangerskorps, en hulle gebruik fietse waar en wanneer hulle kan omdat hulle op ‘n goeie pad vinniger daarmee as te perd oor die weg kan kom. Die kaptein bekyk die Engelse afdelings totdat hy genoeg gesien het. Toe gee hy sy fiets aan sy twee manskappe af.

“Kry my môreaand weer hier,” sê hy.

“Ons sal so maak, kaptein. Voorspoed!”

Die twee manne ry weg, en Danie Theron bly alleen agter. Nou wag hy vir die donker. Sy planne is agtermekaar. Hy wil vroegaand probeer deurkom, want dan sal die Engelse wagte seker nie so waaksaam wees soos in die stilte van die nanag nie.

Die son sak weg, en in die sterk skermerte beweeg Danie Theron behoedsaam nader aan die Engelse kampvure, wat soos ‘n veelogige monster om die vasgekeerde Boere opgekrul lê.

Hy is nog ‘n paar honderd tree weg toe hy moet begin kruip, want dis oop wêreld dié, en die vyand kan hom maklik teen die ligter hemel gewaar. Doringbosse ruk aan sy hande en klere. Skerp klippe sny sy knieë oop. Hy is nou so naby die Engelse brandwagte dat hy hulle op en neer kan sien loop: geweer oor die skouer, twee-twee na mekaar toe, en dan maak hulle ‘n regomkeer en stap terug.

Die verkenner skuil agter ‘n paar los rotsblokke om eers te oorweeg. Hy kan opspring en deurhardloop sodra die twee wagte hier voor hom op die verste punt van mekaar verwyderd is en maar net hoop dat hulle hom nie sal raakskiet nie. Die gevaar is egter dat hy dan die soldate verder weg in die hoofkamp op sy spoor sal sit. Of hy kan een van die wagte byloop sodra hy halfpad van sy maat af is . . .

Geruisloos skuif Danie Theron oor die grond tot

binne ‘n voet van die wagte se paadjie. Hy bly roerloos lê. Daar maak die twee Engelse die regsomkeer en stap weer weg van mekaar af. Die verskuilde verkenner hou elke beweging van die man dop wat nou feitlik reg op hom afpyl. Vyf tree. Vier. Drie. Twee. Een. Soos ‘n skaduwee rys Danie Theron van die grond af op en hou sy rewolwer dreigend voor hom uit. Die Engelsman het verbaas vas gesteek. “As jy ‘n geluid maak, is jy ‘n lyk,” fluister Danie Theron dringend in die wag se eie taal, want hy kan Engels soos ‘n Brit praat. “Laat my deur, en jy sal niks oorkom nie.”

Die wag aarsel en vervat sy geweer. Danie Theron stamp die rewolwer teen sy maag vas. “Stap aan en maak asof daar niks gebeur het nie,” fluister hy weer. “Ek is haastig.” Dis vir die wag duidelik dat hy met ‘n man te doen het wat nie sal huiwer om sy dreigement uit te voer nie. Sonder ‘n woord begin hy weer met afgemete pas marsjeer – ‘n bietjie haastiger as gewoonlik, want daar is verlore tyd om in te haal, en buitendien is dit beter om so gou as moontlik so ver as moontlik van hierdie plek af te kom.

Met lang hale verdwyn Danie Theron in die duisternis om dan weer op hande en knieë neer te val. Hy is deur die eerste versperring, maar dis nog glad nie veilig nie, want oral wemel dit van die Engelse met nog ‘n ry wagte tien tree uitmekaar opgestel. Danie Theron kruip voort. Bloed sypel uit

snye en skaafplekke. Sy broek is lankal flenters. Growwe sand en gruisklippies dring deur vel en bly daar kleef. Elke tree is pynlik.

Die maan kom op en sak weg. Die môrester verbleek. “Werda?” roep ‘n stem, en Danie Theron weet dat hy tussen Boere is. Hy het generaal Cronjé se laer bereik.



UIT: P.W. Grobbelaar (e.a.) : *Heldeverhale*

## Assessering

| |
|---|
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| LEERUITKOMS 1: HISTORIESE ONDERSOEK – Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te |

| |
|---|
| gebruik om die verlede en die hede te ondersoek |
| 1.1 Bekom die bronne |
| 1.2 Gebruik die bronne |
| 1.3 Kommunikeer inligting uit bronne (verslaggewing) |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

Blaas gepantserde treine op; beleg van drie dorpe, verslaan Britte by nege veldslae (in een week drie keer!). Britte se strategieë en uniforms glad nie geskik vir plaaslike toestande nie.

(b)

| | |
|---|---|
| Boere | Britte |
| Klein groepies | Groot groepe – veg in |
| (kommando's) | linies |
| 87 000 | 449 000 |
| | |

| | |
|---|---|
| Outydse, swaar wapens | Groot moderne wapens |
| Nie swaar toerusting – kan vinnig oor veld beweeg | Swaar toerusting – moes per spoorlyn of waens vervoer word |
| Ken omgewing uitstekend, gewoond aan klimaat | Ken omgewing glad nie – nie gewoond aan hitte en ruwe landskap |
| | Van die 22 000 soldate wat gesneuwel het, is net 6 000 dood in gevegte – 16 000 is aan wonde of ander siektes dood |

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS


## Graad 7


## DEMOKRASIE OF OORLOG

## Module 12

## DIE OORLOG EINDIG (1901 – 1902)

Bestudeer eers die samevatting van die laaste twee jare van die oorlog, voordat jul die opdrag aanpak.


1901
Die oorlog was nog nie verby nie.
Die Boere het die Britse soldate
voorgelê, hul voorrade gebuit,
treinspore opgeblaas en telegraafdrade
geknip onder die leiding van generaals
soos De La Rey, Botha en De Wet. Nog
30 000 Britste soldate land in Suid-
Afrika. Brittanje stel 'n vredesooreen-
koms voor, maar die Boere weier.
Die Britte verdeel Transvaal en die
Oranje-Vrystaat met doringdraad-
heinings en blokhuise in seksies.
Onder Lord Kitchener is besluit om
die Boere tot oorgawe te dwing deur
hul plase af te brand. Die vroue,
kinders en hul bediendes is na
konsentrasiekampe gestuur.
Toestande in die kampe was
egter so haglik dat duisende
mense daar gesterf het.
Al hoe meer mense in Brittanje
was teen die oorlog gekant.




## Aktiwiteit 1:

## Om belangrike gebeure tydens die oorlog te rekonstrueer

**[LU 3.3]**

1. Voer een van die volgende opdragte in groepsverband uit. Meegaande bronne sal jou weer daarmee help. Jou onderwyser sal aan jou die antwoorde van die ander groepe se opdragte verskaf.

a) Verbeel jou jy was ‘n swart kind tydens die oorlog. Skryf ‘n kort briefie om te verduidelik watter belangrike rol swart mense tydens die oorlog gespeel het – en waarom jy die term Suid-Afrikaanse Oorlog verkies.

b) Stel ‘n inligtingspamflet vir die Britse regering, namens Emily Hobhouse, saam oor die lewe in konsentrasiekampe in Suid-Afrika.

c) Sal jy genl. De Wet as ‘n held of dwaas beskou? Waarom? Skryf ‘n liedjie daaroor.

2. Hou ‘n groepsgesprek oor die volgende:

a) Wie het die oorlog gewen? Bewys dit.

b) Bespreek die volgende stelling, en dui aan of oorlog en demokrasie met mekaar verband hou.

Oorlog is die wetenskap van vernietiging. - John Abbott

Emily Hobhouse onder arres en na Engeland

WIL LOT VAN VROUE EN KINDERS IN KAMPE

VERSAG

Kaapstad, 31 Oktober 1901. – Toe Emily Hobhouse vandeesmaand in Kaapstad wou land, is sy onder arres geplaas en gedwing om weer per skip na Engeland terug te keer. Geen rede is vir hierdie eienaardige optrede deur die regering verstrek nie.

Emily Hobhouse, wat van 27 Desember 1900 tot 24 Mei 1901 in ons land was, het ses konsentrasiekampe besoek. Sy het daarna in Engeland alles in die werk gestel om hulp vir die vroue en kinders in die kampe te kry en die publiek in kennis te stel van die ellendige toestande wat daar heers. Groot protesvergaderings is in Engeland gehou, en lede van die Liberale Party in Brittanje val die regeringsbeleid in die parlement aan. Die sterftesyfer in die kampe was vandeesmaand hoër as ooit tevore. In die sewentien Transvaalse kampe het 1 616 uit 57 905 vroue en kinders gesterf, die meeste kinders, terwyl in die Vrystaat 1 319 van die 1 514 wat vandeesmaand oorlede is, kinders was.

DIE NUUSBODE 1901

GEEN POEDING

HoofartikelBESIELENDE LEIERSKAPNadat

UITPUTTINGSOO BEGINALBEI

VIR TOMMIESTWEEFONTEIN, 25 Desember 1901. – Genl. De Wet het daarvoor gesorg dat die tommies wat vier dae gelede stelling ingeneem het op Groenkop op die plaas Tweefontein, nie die ongestoorde genot van hul “plumpoedings” gesmaak het nie. ‘n Deel van die Engelse

Kimberley, Ladysmith en Mafeking ontset is en Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria in Britse hande geval het, het lord Roberts die oortuiging uitgespreek dat die oorlog byna beëindig is. Nou, tien maande later, veg die grootste leër wat Engeland ooit

KANTE NUWE KRYGSMETODES 6 April 1901. – Nadat die Engelse soos ‘n vloedgolf oor die land gestroom en die stede in hul hande geval het, het die karakter van die stryd in ons land verander. Verlede jaar het lord Roberts op 22 Mei die suidelike Republiek as

leër wat besig was om blokhuise van Harrismith tot Bethlehem te bou, het met 580 man op Groenkop gekampeer, op die plaas Tweefontein in die distrik Bethlehem. Nadat komdt.-genl. De Wet self die posisies verken het, het die aanval om twee-uur in die

oorsee gestuur het, nog op alle fronte in ons land en kos die oorlog Groot-Brittanje weekliks meer as £1 500 000, terwyl die Britse leër elke maand meer as 4 000 aan dooies en gewondes inboet en omtrent 50 000 soldate maandeliks huis toe gestuur word as onbevoeg

"Orange River Colony" en op 1 September die Suid-Afrikaanse Republiek as 'n Britse kolonie geannekseer. Maar in sy verwagting dat die oorlog nou beëindig was, is hy teleurgestel.Lord Roberts van Kandahar het ook sy krygsmetodes verander, want nog voordat lord Kitchener in

môre op Kersdag begin. Nadat die top bereik was, het die geveg omtrent twintig minute geduur. Genl. De Wet deel mee dat 116 tommies dood en gewond is, terwyl 14 Boere gesneuwel en 32 gewond is. Die Britse gesagvoerder, maj. Williams, is onder die gesneuweldes.

om te veg. Lang afstande in ‘n uitgestrekte land wat hulle nie ken nie, het die moed van menige Britse Tommy gebreek, en siektes, veral maagkoors, dun hulle getalle weekliks uit.Baie wat wankel- en twyfelmoedig was na die oorgawe van Cronjé en die verlies

November verlede jaar sy opvolger geword het, het hy die opdrag gegee dat die plase van die Boere oral verbrand moet word, die oeste verniel, skape en beeste afgeslag of weggevoer, en die vroue en kinders in konsentrasiekam geplaas moet word. Reeds is daar 75

Behalwe 240 krygsgevangenes, bestaan die buit uit twee kanonne, baie gewere en ammunisie, vyfhonderd perde en muile, meer as twintig waens met osse bespan en met kos, klere en drank belaai. Die verowering van "Krismiskop" sal genl. De Wet se manne nie gou vergeet van hul stede, is deur die besielende optrede van hul leiers weer teruggebring in die styd teen die oormag. Veggeneraal Christiaan die Wet en president Steyn het in die eerste plek daarvoor gesorg dat die moed van die burgers deur teenslae en rampe nie gebreek

000 vroue en kinders in hierdie kampe, waar die sterftesyfer van week tot week styg. In Engeland is die verontwaardigin groot onder diegene wat met die Boere simpatiseer. Hulle het 'n komitee gestig om die vroue en kinders te help, en op 27 Desember verlede paar het Emily Hobhouse in

nie!

word nie. Op die plase het vroue en kinders egter gesorg vir die oes en die burgers aangevuur om die styd nie te staak totdat Engeland hul onafhanklikheid erken nie.Onverskrokke, met byna bomenslike uithouvermoë, besiel genl. De Wet elke kommando wat hy besoek om aanvallend

Kaapstad aangekom om vas te stel hoe die toestande verbeter kan word. Sy vertoef op die oomblik nog in ons land en span al haar kragte in om met die min geld wat sy tot haar beskikking het, die nood te lenig.Omtrent vier weke gelede het lord Kitchener in Middelburg

op te tree. Niemand het die Engelse leërs en voorrade meer skade berokken as hy nie en niemand word deur hulle yweriger gesoek as hierdie groot Boeregeneraal nie.Ook in Oos- en Wes-Transvaal het die Boere-generaals dit vir die vyand warm gemaak. In Wes-

samesprekings gevoer met Kitchener van Khartoem en hom as stafhoof, aangestel om die oorlog teen die Republieke met nuwe leërversterkings voort te sit. Die boere-leiers, die presidente en die veggeneraals van die Republieke, het nie aan oorgawe gedink nie; hulle het hul krygsmetodes

Transvaal het generaal Koos de la Rey sy pad oopgeveg en die vyand sulke gevoelige houe toegedien dat groot versterkings gestuur moes word. Onder lord Roberts se bevel het die vyand die toe reeds begin om alles te verbrand en verwoes en die vroue en


verander. Aan president Krüger is ses maande verlof toegestaan om die Boeresaak in Europa te gaan bepleit.Die leërs is in kleiner groepe verdeel, goed georganiseer onder hul eie kommandante en generaals.

kinders na sogenoemde vlugtelingkampe te neem. Hulle pogings om die altyd waaksame genl. De la Rey te vang, wat alles raakgesien en van al hul swakhede en foute gebruik gemaak het, het keer op keer misluk. In Oos-Transvaal het genls. Louis Botha, Ben Viljoen en

Christiaan Muller met dieselfde onvermurfbare moed teen die altyd groeiende Britse leërmagte geveg.

## GENL. DE WET

### ROBERTS SE OMSINGELING VAN DIE BOERE




Roberts: "Nou het ek hom!" | Roberts: "Deksels! Waar's hy nou?"

Braakensiek, *De Amsterdammer*

## OEPS...





### 'N AARDIGE SPELETJIE



Die vervolging van De Wet. Onskadelike en onskuldige vermaak vir al die deelnemers.
*Morning Leader*

Hoe het hy (De Wet) verby die Tommies se doringdraad versperring gekom?

### TEENSTRYDIGE OORLOGSBERIGTE



Chamberlain: "Moet ek nou huil of lag?"
*Fischietto*

Hoekom is die oorlog nie binne enkele maande verby soos verwag is nie?


### STEENKOOLHEFFINGS OM OOLOGUITGAWES TE DEK



Die kolespook aan Chamberlain: "Hallo, dapper Joe, jy's tog nie bang vir my nie?"
Braakensie
*De Amsterdammer* 12.5.1901

Die Britte moes hoë belasting betaal as inkomste (ook suiker en steenkool) om vir die oorlog te betaal.

### BEVEG DIE BOERE LIEWER IN DIE VELD



DIE BRITSE GENERAALS IN SUID-AFRIKA. Aanvanklik was hulle veggeneraals, maar nou is hulle veewagters.
Van Geldorp, *Amsterdamsche Courant,* 20.9.1901



## JAPIE GREYLING

Dit was in April 1901 toe die jonge Japie Greyling op sy vader se plaas Smaldeel in die Vrystaatse

distrik Hoopstad teen die Britse kaptein James Seeley te staan gekom het. Dié verhaal van onverskrokke heldemoed is een van die dosyne gevalle wat die Tweede Vryheidsoorlog van 1899 – 1902 tussen Groot-Brittanje en die twee Boere-Republieke van die Oranje-Vrystaat en Transvaal opgelewer het, en waarvan hier enkeles vertel word.

Dat die kind dit nou moes gedoen het, die klein Japie – en hy nog nie elf jaar oud nie! Om ‘n vuurpeloton te daag, sit nie in elkeen se murg nie. Dis die oorlog wat seuns al manne maak as hulle nog albaster moes gespeel het. Pa Greyling en sy twee oudstes is saam met die Vrystaatse magte op kommando. Nou is Japie en sy tweelingbroertjie, afgesien van die meisiekinders, hul ma se stut en steun op die plaas.

Dié Aprilnag het daar weer ‘n klompie burgers op Smaldeel geslaap, maar vanoggend vroeg moes hulle laat spat toe hulle ‘n afdeling Engelse soldate in aantog gewaar. Daar is bange oomblikke terwyl dit lyk asof die Engelse die Boere inhaal, maar dan swaai die burgers in ‘n ruie klofie op en verdwyn.

“Ha! Lekker gefop!” lag Japie waar hy die spulletjie van agter die huis af staan en dophou, en hy loop die kombuis in om vir sy ma koffiewater te gaan opsit.

Nie te lank nie of perdepote klap weer voor die

deur. Japie loer buitentoe. Ja, dis die Engelse. Sjoe, maar daardie voorman van hulle lyk boos. Hy is natuurlik vies omdat die Boere hom so maklik uitoorlê het. Japie Greyling lag weer, maar stilletjies.

"Die Engelse kaptein stap met lang hale nader. Alles loop vanoggend skeef, en sy geduld is net mooi op. Hy wéét dat hier 'n Boere-kommando in die omgewing optree, en hy wil hulle hê. Die kaptein kyk die seuntjie aan en glimlag. Dit sal seker nie moeilik gaan om die inligting uit hóm te kry nie. Hy wink sy tolk nader en beveel: "Vra vir die kind waarheen die Boere is wat nou net hier weggery het."

"Na hulle kommando toe," antwoord Japie pront.

Die kaptein se gesig verdonker. "Dit weet ek ook!" sê hy bars.

"Maar wáár is die kommando?"

Japie kyk die kaptein reg in die oê. "Dit sal ek nie sê nie," antwoord hy.

"Haantjie, né?" mompel die kaptein. "Ek sal gou-gou sy stertvere vir hom pluk!"

Sy groot hand sluit om die seun se skouer en sleep hom oor die werf. In 'n nou strokie muur tussen die twee deure van 'n buitegebou stamp hy die kind se

smal lyf vas.

“Waar is die Boere?” vra hy. G’n tolk is meer nodig nie. Die seun weet wat die Engelsman wil hê. En die kaptein? Miskien verwag hy reeds die antwoord.

“Ek sal nie sê nie!”

Die kaptein bulder ‘n bevel, en die sersant dra dit aan sy manskappe oor. Ses tree aan, sak knie op die grond neer, gewere oorgehaal, vingers op die snellers gereed. By die seun kan daar g’n twyfel wees oor die Engelse se bedoelings nie. ‘n Vrouestem begin kermend in die kombuis te huil. Iewers voor die deur proes ‘n perd en krap dan ongeduldig grond. Verder is dit stil.

“Waar is die Boere?” kom die vraag, en die seun weet dis die laaste keer.

Tog bly staar hy veragtend na die koel, donker bekke op sy bors gerig. Sy mond is effe oop soos iemand wat sy hande na ‘n prys uitsteek.

“Ek sal nie sê nie!” antwoord Japie.

‘n Oomblik lank stol die toneel: die Boerseun, die Engelse offisier en die wagtende gewere.

Dan wuif die kaptein vir sy manne om hul wapens te laat sak en stap na Japie toe. “Jy is ‘n dapper seun,” sê hy terwyl hy sy hand vasgryp. “Ek hoop

dat ek jou weer eendag sal ontmoet!"

Die Engelse klim op hul perde en ry weg, en die moeder storm by die deur uit om haar seun teen haar aan te vertroetel. Maar Japie woel hom los, en hy kyk die Engelse stil agterna met 'n trek van teleurstelling op sy gesig soos wanneer 'n kind iets moois beloof is en dit toe nie gekry het nie.



Hierdie, en nog talle ander pragtige heldeverhale in ons land se oorloggeskiedenis, verskyn in die boek van P.W. Grobbelaar (e.a.): *Heldeverhale.*

Bronnlys:

A. Boëseken: Die Nuusbode

P.W. Grobbelaar, e.a.: Heldeverhale

D. Sleigh: Ruiters teen die Ryk

M.C.E. van Schoor: Spotprente van die Anglo-Boereoorlog, Tafelberg- uitgewers

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

(1) (a)

- Teen Mei 1901 was daar ongeveer 43 000 swartmense in konsentrasiekampe, terwyl tussen 7 000 en 12 000 swartmense daar dood is weens siektes of hongersnood. Swartmense het ook baie grond, diere en ander besittings (huis, oeste) verloor. Swartmense het gehoop om stemreg te kry as die Britte die Boere verslaan – dit het ook nie gebeur nie. Verskaf

voorrade, inligting en hulp aan kommando's, word deur Britte gebruik as transportryers, touleiers, grofsmede, wielmakers, hoefsmede, timmermans, koeriers, verkenners, knegte, arbeiders

- Boere-generaal wat suksesvolle guerilla-aanvalle teen Britte uitgevoer het.
- Bekend vir sy goed georganiseerde lokvalle, vinnige ontsnaproetes, opblaas van spoorlyn en knip van telefoondrade.
- Onverskrokke
- Moes dalk vroeër oorgegee het om verlies van lewens en eiendom te voorkom/verminder.

(b)

- Aan die einde van die oorlog was daar meer as 40 kampe met 116 000 blankes en 60 kampe met 115 000 swartmense.
- Swak huisvesting (tente), ongeskikte voedsel, onvoldoende beddegoed, onhigiëniese sanitêre toestande was algemeen.
- Toestande in kampe het afgehang van die ligging van die kamp en die bestuur deur die superintendent.
- Siektes soos masels en longontsteking het baie lewens geëis.
- Vanaf die winter van 1901 het sterftes baie toegeneem.
- Altesaam 27 927 Boere (onder andere 26 251 vrouens en kinders) en meer as 14 000

swartmense sterf in konsentrasiekampe.

(2) (a) Brittanje (Boere gee oor).

Argeologie help om die verlede te herontdek

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE EERSTE MENSE

## Module 13

## ARGEOLOGIE HELP OM DIE VERLEDE TE HERONTDEK

Wanneer mense op 'n plek gebly en daarvandaan weggaan of sterf, laat hul altyd oorblyfsels agter.

Hierdie oorblyfsels is getuienis wat ons heelwat kan vertel oor hul leefwyse. Argeoloë gebruik menslike oorblyfsels en voorwerpe uit die natuurlike omgewing as bronne.

Tydens die steentydperk is …









Geskiedkundiges wat spesiale werk met ou bene en getuienis doen, noem ons argeoloë. Bene wat miljoene jare oud is, word fossiele genoem. Meegaande sketse vertel hoe fossiele ontstaan.










- In die res van hierdie leereenheid gaan JY ook soos ‘n argeoloog te werk gaan deur bronne te bekom en vrae te vra.


## Aktiwiteit 1:

## Om bronne te bekom en dan vrae te vra

## [LU 2.3]

a) **Bestudeer meegaande skets om hierdie inleidende vrae te beantwoord. Begin daarna met jou eie vrae, en indien nodig, jou eie bronne!**

1. Watter laag bevat die oudste oorblyfsels?
2. Skets die voorwerpe wat iets oor jou lewe kan vertel. Wat dink jy sal die argeoloë oor jou lewe weet as hul dit oor 100 jaar moet uitgrawe?
3. Gestel jy was teenwoordig toe onderstaande terrein ondersoek is. Verskaf ‘n gedetailleerde verslag oor ‘n dag se werksaamhede.
4. VRA JOU EIE VRAE!!




Verryking:

- Sit koerantpapier op die grond neer.
- Keer ‘n huis se vullisdrom daarop uit.

- Wat vertel die getuienis uit die droom oor die mense?
- Wat vertel die getuienis NIE oor die mense nie?

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom ‘n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7


## DIE EERSTE MENSE

## Module 14


## DIE TAUNG-BABA

- Die aarde is waarskynlik 6 miljard jaar oud. Van hierdie tydperk bestaan die mens en sy voorsate maar sowat 5 – 8 miljoen jaar, terwyl

die mens wat sy eie kos kweek en ‘n georganiseerde gemeenskapslewe ontwikkel het, nog maar 6000 – 8000 jaar op aarde is. Dit is skaars een miljoenste van die wêreld se ouderdom.




- In hierdie module gaan jul ontdek van mense wat miljoene jare gelede geleef het. Dit wat ons van die vroeë mense weet, kry ons van getuienis. Baie van die getuienis is ou bene, werktuie en tekeninge wat ontdek is. Groot dele van die verlede is amper bronloos . . .
- Net in Afrika is daar al meer as 3 000 skeletstukke van vroeë mense versamel. Meegaande kaart toon verskillende plekke in Suid- en Oos-Afrika aan waar laasgenoemde voorkom.




- Afrika word die wieg van die mensdom genoem, omdat van die oudste menslike fossiele hier gevind word.
- Vervolgens gaan ons ontdek hoedat die fossiellewe, wat argeoloë gevind het, ons meer vertel van die vroeë mens.

Die menseras het in Afrika ontstaan. ‘n Suid-Afrikaanse kind wat sowat 3 miljoen jaar gelede dood is, bied baie leidrade oor die vroeë mense. Die skedel van die vroegste lid van die menseras is in 1924 by ‘n kalkgroef naby die dorpie Taung (“plek

van die groot leeu"), 80 km noord van Kimberley (in die Noordwes-provinsie) ontdek. 'n Werker wat vir 'n maatskappy kalksteen uit 'n steengroef uitgeskiet het, het 'n klein skedel gevind. Dit is aan professor Raymond Dart gestuur.




Die taung-baba


Hulle het dadelik besef dat dit anders is as enigiets wat hul tevore gesien het.

Die skedel het twee belangrike kenmerke van die menseras (hominiede) uitgewys, nl.

- klein hoektande en 'n
- regop liggaamshouding

Omdat die skedel so klein was, het professor Dart gedink dit behoort aan 'n kind omtrent vyf jaar oud – vandaar die naam Taung-baba. Die kind het regop geloop soos ons. Daarom het hy hom die wetenskaplike naam *Australopithecus* gegee. Sover ons weet, was *Australopithecus* die eerste wese wat

regop geloop het - soos ‘n mens.



**Aktiwiteit 1:**


**Om die verlede te rekonstrueer**

**[LU 3.3]**

Oortuig jou vriend op ‘n wetenskaplike wyse dat mense nie uit ape ontwikkel het nie. Meegaande vyf bronne gaan jou baie hiermee help! (Julle kan eers ‘n klasdebat hou!)


PA, HET DIE MENS DAREM GEVORDER SEDERT HY 'N AAP WAS?
NOG 'N VERMISTE SKAKEL ONTDEK IN 'N GROT

Bron A




Bron B

Anders as die mens en *Australopithecus* dwing die anatomie van die sjimpansee hom om met ‘n waggelgang op die buiterande van die voete te loop.

Van al die primate is die mens die enigste wat regop loop.

Dit beteken dat die vorm van die bekkengordel, die posisie van die dybeen, en die manier waarop die


voet op die grond geplant word, baie spesifiek is.

Die manier waarop die dybeen die liggaamsgewig dra, is ook anders by mense as by ape. Deur die geraamte van *Australopithecus* met die van ape en mense te vergelyk, is dit maklik om te sien hoedat *Australopithecus* in al hierdie gevalle meer met mense ooreenstem as met ape.

Die ingeboë knieë van die mens en *Australopithecus* laat ook toe dat die voete na vore gerig kan word.

Dit beteken dat die bal van die voet en veral die groottoon ‘n belangrike rol tydens beweging speel.


BRON C




BRON D

Bekkengordels en dybene. Die ooreenkoms tussen *Australopithecus* en die mens is duidelik. Die

vertikale swart streep G dui die as aan waarlangs die gewig van die heup na die knie oorgedra word. A = os illium (heupbeen), B = potjie vir dybeen, C = os pubis (skaambeen), D = os ischium (sitbeen), E = os sakrum, F = os femur (dybeen




BRON E

By *Australopithecus* was die kniegewrigte reeds na binne gebuig soos by hedendaagse mense en het hulle spore soos ons getrap. Die Sjimpansee het met 'n waggelgang op sy agterpote geloop.

Twaalf jaar later, in 1936, het dr. Robert Boom by Sterkfontein (naby Krugersdorp) die eerste skedel

van ‘n volwasse gevind. Hy het eers gedink dat dit die vroulike vorm van ‘n nuwe spesie was en dit *Plesianthropus transvaalensis* (Mev. Ples) genoem. Verdere ondersoek het egter getoon dat Mev. Ples feitlik identies aan die Taungkind was.

## Aktiwiteit 2:

## Om tyd te verstaan deur aan te toon dat sekere aspekte in gemeenskappe verander het, terwyl ander dieselfde gebly het

**[LU 2.1]**

a) **Bestudeer meegaande skets uit die steentydperk en beantwoord die vrae wat volg. Maak eers ‘n skets van soortgelyke omstandighede by jou huis.**



- Is dit moeilik om **kos** te bekom? Word kos met mekaar gedeel?
- Watter **klere** dra hulle?
- Hoe werk hul familielewe? Het hul omgegee vir hul kinders?
- Watter **toerusting en wapens** word gebruik? Het die tegnologie daaraan verbeter?
- Kan hul **snags** veilig slaap?
- Het die mans en vrouens verskillende **werke**?
- Bly die mense lank op ‘n plek?

b) **Ontwikkel ‘n strokiesprent of luisterliedjie om bogenoemde inligting mee saam te vat.**

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom ‘n historiese gebeurtenis plaasgevind het (oorsake, gevolge) |
| 2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille) |
| LEERUITKOMS 3: HISTORIESE INTERPRETASIE – Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer |
| 3.1 Wees bewus van meer as een siening van die verlede |
| 3.2 Onderskei tussen feite en menings |
| 3.3 Rekonstrueer verlede |

## Memorandum

Aktiwiteit 1

Ape toon duidelike verskille met mense. Die mens is die enigste van die primate wat **regop loop**. Die vorm van die bekkengordel, die posisie van die dybeen en die maniere waarop die voet geplant word, is baie spesifiek. ‘n Vergelyking van die bou van die res van die liggaam en die brein toon ook dat die *Australopithecus* beslis nader aan mense verwant is Daar was dus ‘n ontwikkelingspatroon vanaf *Australopithecus* deur *Homo habilis* en *Homo*

*erectus* na die hedendaagse mens *Homo sapiens*.

Aktiwiteit 2

Gestel hierdie skets is ‘n voorstelling van die **Steentydperk**:

Hulle woon in **grotte**, waarin hulle slaap en kos bêre en werktuie, wapens en vure gebruik. Die insameling van **kos** was die hoofbedrywigheid. Die **mans** het gejag en visgevang. Die **vroue** en **kinders** het bessies, wilde vrugte en plantwortels gesoek. Hulle het ook kos gebêre vir die winter en ook die kos gaargemaak. **Werktuie** was van been, klip en hout en het algaande verbeter, want hulle het pyle, byle en dolke gemaak. Hulle kon ook eenvoudige voorwerpe vervaardig, bv. “naalde” waarmee **klere** van wol en vlas gemaak is. Die vroeë mense het nie lank op een plek gebly nie.

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

## Graad 7

## DIE EERSTE MENSE


## Module 15

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE EERSTE MENSE


Die vroeë mense het in verskillende stadia ontwikkel. Hierdie vier stadiums word in

meegaande bronne aangetoon en daarna verduidelik.

Bron 1





Verskillende stadia van die vroeë mens.




Bron 3

Vervolgens word elke stadia verduidelik.



a) *Australopithecus*

Die oudste bene wat ontdek is, kom van die *Australopithecus*. Hul het tussen 3 miljoen en 2 miljoen jaar gelede geleef. Hul bene is nog net in Suid- en Oos-Afrika ontdek. Die vroeë mense het waarskynlik klippe opgetel en as werktuie gebruik. Hulle het regop geloop en hul hande vry gehad. Werktuie is ook van stokke, blare en bas gemaak. Hul kos was waarskynlik meestal plantvoedsel.

b) **Homo Habilis**




Die *"Homo"Habilis* het 'n 50% groter brein as die *Australopithecus* gehad – vandaar die voorvoegsel "homo" – mens.

Dit beteken handige mense, want hul het die eerste klipwerktuie gemaak. Hul het tussen 2 miljoen en 1,7 miljoen jaar gelede veral in Oos-sentraal Afrika geleef. Hulle het 'n verskillende klipwerktuie vervaardig, en waarskynlik ook klipmure gebou. Hul het ook baie vleis geëet. Waarskynlik was hul semi-nomadies, maar het 'n rukkie in 'n area gebly waar dit hul weer na 'n ander area verhuis het vir kos.

Vir die *Homo Habilis* was die wêreld 'n gevaarlike plek, want hul was baie kleiner en swakker as die wreedaardige diere rondom hulle. Hulle het nie kloue of slagtande gehad nie, en kan nie so vinnig soos die diere hardloop nie. Meestal moes hul na die

naaste boom hardloop vir veiligheid.

Geleidelik het die *Homo Habilis* vanaf die aarde verdwyn . . .




c) *Homo Erectus*

Hul plek is deur die *Homo Erectus* ingeneem. Sy brein was 25% groter as die van die *Homo Habilis*. Hul het tussen 1,7 miljoen en 500 000 jaar gelede in Suider-Afrika geleef. Argeoloë dink hul kon praat. Hul het ook werktuie van klip gemaak om vleis, plantvoedsel en skerp implemente te sny. Hul was ook goeie houtwerkers, maar het ook uitgevind hoe om vuur te maak. Waarskynlik is vuur soms gemaak om diere in ‘n hoek te jaag, sodat dit doodgemaak kan word. Hulle het in grotskuilings gebly.



Die *Homo Erectus* het groot tande, ‘n sterk kaak en klein kas gehad. Hul was meestal 1,5 m lank. Hulle het in groepe in grotte gebly en vuur maak. Hul lewe was dus makliker as die van die vroeë mense. Met hul beter wapens, kon hul groter diere soos renosters jag.

Die *Australopithecus, Homo Habilis* en *Homo Erectus* leef nie meer nie.



d) *Homo Sapiens*

Die *Homo Sapiens* (beteken “wyse mens”) het eers vanaf 400 000 jare gelede in Afrika voorgekom. Hulle was nes die moderne mens, wat oraloor die wêreld voorgekom het. Hul tande was kleiner, die kakebeen smaller en die ken duideliker. Meestal het hul nie nomadies geleef nie.



Al die vroegste mense het klip of steen gebruik!



Velle is aanmekaar vasgewerk deur naalde te gebruik wat van been gemaak is.



Die velle van wilde diere is afgetrek, skoon geskraap en reggemaak. Dit is gebruik vir klere, oortreksels vir skuilings en sakke vir houers.

## Aktiwiteit 1:

## Ontleed verskillende tydperke deur verskillende bronne te gebruik

### [LU 2.3]

- Werk in pare en maak 'n vouboekie van die klasuitstalling.
- Vergelyk die vroeë mense met mekaar aan die hand van verskillende kriteria, bv. tydperk, iets gemaak of gebruik, voorkoms, leefwyse.

## Assessering

| |
|---|
| LEERUITKOMS 2: HISTORIESE BEGRIP (TYD) – Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon |
| 2.1 Verstaan kronologie en tyd |
| 2.2 Verskaf redes waarom 'n historiese gebeurtenis |

plaasgevind het (oorsake, gevolge)

2.3 Onderskei tussen verskillende tydperke (ooreenkomste, verskille)

## Memorandum

| KRITERIA | AUSTRALOPITHECUS | HOMO HABILIS | HOMO ERECTUS | HOMO SAPIENS |
|---|---|---|---|---|
| Tydperk | 3 – 2 miljoen jaar gelede geleef | 2 – 1,17 miljoen jaar gelede geleef | 1,7 – 500 000 jaar gelede geleef | 400 000 jaar gelede geef |
| Oorsprong | Suid-, Oos-Afrika | Oos-, Sentraal-Afrika | Suider-Afrika | Verskeie plekke in Suider-Afrika |
| Voorkoms | Loop regop | 50% groter brein as voorganger, nie kloue of slagtande | 25% groter brein as voorgangers, kaak, klein kop | Voorloper van moderne mens, Klein tande, swak kaak, |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | duidelike kop |
| Leefwyse | **Werktuie**: Stok, bas **Kos**: Plante **Woning**: Nomadies | **Werktuie**: Klip **Kos**: Vleis **Woning**: Semi-nomadies | **Werktuie**: klip, hout **Kos**: Vleis, plante **Woning**: Grotte, maak vuur | **Werktuie**: klip, steen, been, vuur **Kos**: Fyner kos **Woning**: Nie nomadies |